

Koringfokus

VOL 39.6 NOVEMBER • DECEMBER 2021

Wheat focus



**KORINGFORUM
BESPREEK
BEDRYFSAKE**


*Local & imported wheat
quality examined*

Conservation agriculture in FS lacks progress

AGRICO

Advanced panel
with internet control

FREE!*



*Order a new **Agrico centre pivot** with an *Advanced* control panel and get your Internet control subscription **FREE** for the first 24 months.



Contact details: Alfred Andrag | c: +27 82 824 1214
t: +27 21 950 4111 | f: +27 21 950 4208 | alfred.andrag@agrigo.co.za

More than 100 years' service

Sales and Service with branches across Southern Africa:

Aliwal North | Bellville | Bethlehem | Bloemfontein | Brits | Caledon | Ceres | Christiana | Cradock | De Doorns | Douglas | Ermelo | George | Hartswater | Humansdorp
Kakamas | Kimberley | Kokstad | Kroonstad | Lichtenburg | Lusaka | Mkushi | Nelspruit | Nigel | Nylstroom | Pietermaritzburg | Piketberg | Rawsonville | Tzaneen
Upington | Vredendal | Wellington | Winterton



Koringfokus Wheat focus

VOL 39.6

NOVEMBER • DECEMBER 2021

REEDS 40 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR
THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 40 YEARS

VOORBLAD

Elke uur van droë graan en sonskyn in die Overberg is benut om graan te sny en te stroop. Fronte met reën is later in November aan die Suid-Kaap verwag.

Foto: Jan Greyling.

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente



MEDIAKOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekeninge:

Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediakom.co.za
www.mediakomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw
ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702 / 082 780 9914
UITLEG: Mercia Venter
- studio.chatnoir@gmail.com

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die bemarkingswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

AGRI-INFO

- 4 Nog 'n belowende wintergraanjaar
- 9 FarmSol: Developing future-fit farmers for South African barley
- 9 Bioproduct Organisation appoints Andrew Bennett
- 10 SACTA annual feedback on small grains industry: Aims are achieved
- 11 SACTA levy uplifts small grains industry on many levels
- 15 Jong wenners is "die beste van die oes"
- 22 Renewed focus on wheat farmers and plant potential
- 29 Dawie Brits word as jongboer vereer
- 30 Wye keuse vir besproeiingskoring

KORINGFORUM

- 6 Plundering beklemtoon voedselsekerheid
- 6 Vertraagde tariefaanpassings maak beskerming teen invoer nutteloos
- 7 Besware oor inspeksiediens se tariewe en sakeplan vertraag proses
- 7 Oneerlikheid in afslagstelsel benadeel meulenaars, verwerkers
- 7 Vrywillige heffings noodsaaklik vir wintergraan se bedryf
- 8 RSA voer nou meer Aussie-koring in
- 8 Graanlaboratorium sny rieme dunner weens befondsing uit heffings

BFAP OUTLOOK

- 12 Toekoms van SA se wintergraan en oliesade
- 12 Winsgrense: Kanola kan koring klop en koring kan voergars klop
- 13 Gars kan pandemie se terugslae oorkom
- 13 Kanola se toekoms belowend
- 13 Rotasie en weidings kan koringhektare verminder

MEGANISASIE

- 26 Agrico T-reeks skeurploeg
- 28 Kragreuse se tegnologie op hoë standaard
- 29 Argo Tractors belê in moderne fasiliteite



Belowende oes

4



Identifiseer insekte

16



Kragreuse met tegnologie

28

SMALL GRAIN

- 14 Adoption to conservation agriculture: Low rate amongst FS wheat farmers
- 16 Hoekom is dit belangrik om plaaginsekte korrek te identifiseer?
- 18 Local wheat quality examined
- 19 Imported wheat quality examined

MARKET-INFO

- 21 Sóveel produkte uit koring vervaardig

Nog 'n belowende wintergraanjaar



Thomas du Toit het teen middel Oktober elke reënlose dag op Prinskraal benut om die platsnyprogram vir die voergars op datum te hou.

Strooptyd is 'n tyd van opwinding, maar ook van afwagting. Groot ysters en hul baie slim blikbreine word ingespan om 2021 se bydraes van die koring-, gars-, kanola- en hawerlande in die produksiegebiede in te samel.

Jan Greyling

MEDEWERKER

Foto's: Deur die outeur geneem

Na die vorige seisoen se rekordoste by elke hoof wintergraangewas, word nog 'n belowende oes in die Suid-Kaap, Overberg en Swartland gestroop. Terwyl vrugmotors in kilometerlange rye staan om die vrug op 'n seisoen se werk veilig by die uitgebreide berging-infrastruktuur te lewer, bly produsente terdeë bewus van die uitdagings van die oomblik.

Baie veranderlikes

“Daar is beslis 'n aantal veranderlike risiko's waaraan ons niks kan doen nie,” sê Martin Heydorn in die hartjie van die driehoek tussen Waenhuiskrans, Struisbaai en die De Mond-natuurreservaat. “Dit sluit die werklikhede van klimaat en insetkoste in. Ons weet nooit voor die tyd watter prys vir ons opbrengste wag nie.

Martin Heydorn van Prinskraal is dankbaar vir vanjaar se goeie koring-, gars- en hawer-opbrengste, maar in besonder ook vir sy gesin en hul werknemers op die plaas se ondersteuning en insette.



Dit was interessant dat die meeste produsente verlede jaar óf 'n goeie koring- óf 'n goeie garsoes gehad het. Ek hoop vanjaar werklik vir 'n goeie oes van altwee gewasse.”

Met Mei 2021 se hewige reënneerslae aan die begin van die plantseisoen en sporadiese laatwinterreën, is produsente dankbaar vir nog 'n belowende graanoes. *Koringfokus* het op Prinskraal gaan inloer om iets van 2021 se oesinsameling mee te maak.

Na nog 'n fyn neerslag of drie is teen middel-Oktober met afwagting uitgesien na strooptyd. Heydorn vertel: “Ons stroop wanneer ons dink ons weet wat ons weet, maar eers wanneer die monsters by die silo's ontleed word, weet ons wat die gehalte werklik is.”

Met die koring reeds goed ryp teen middel Oktober was Heydorn nie bekommerd oor Oktober se verdere reën nie. Graan wat weens winterreënverspoelings oorgeplant of laat geplant is, sou kon baat by die lentereën.

Reeds van vroeg Oktober af was mens en masjien gereed gekry om te begin platsny aan die voergars, wat spesifiek vir vee-onderhoud gesaai is. Wat die koring betref is die oogmerk om die beste voedingswaarde, topgraad-ontledings en optimale skepelgewig vir broodkoring te verseker. Daarom word die goue gerwe net op die droogste moontlike tyd van die dag gestroop.

As grondeienaar is Heydorn aan die stuur van sake en van die werktuie, meestal saam met Thomas du Toit en die res van die span. Die ryp graan word met slegs een snyer platgesny, van ongeveer negeuur soggens tot seweuur saans. Die ander manne kry waens reg vir oestydperk en daar word deurlopend na die vee omgesien.

Met sy oë en ore fyn ingestel op die weerkundiges se verwagtinge, moes die graan se rypheid en oesgereedheid selfs op droeër dae behoorlik gemonitor word.

Toe die skuurdeur helaas oopgetrek is teen die laaste week

Vars, platgesnyde voergars word so gou as moontlik gebaal en op die lande gelaat om so droog as moontlik te word voordat dit voerstoer toe gaan of in baal-sakke geberg word vir die veefaktor se behoeftes.



van Oktober, is die groot ysters lande toe om die wuiwende koring deel van die wêreld se kosmandjie te maak. Met 2020 se rekordoeste vars in die geheue is die verwagting dat Prinskraal se oes vanjaar bonormaam sal wees.

“Ek twyfel egter of 2021 se oes en opbrengs die natuur se prestasie van verlede jaar sal klop. Die versuipde en oorgeplante hektare gaan die potensiële oes verklein,” sê hy.

Op Prinskraal is daar, soos op talle graanplase, dankbaarheid. Ook vir die mate waartoe wintergraanpryse die afgelope maande gestyg het. In geheel was dit ‘n baie goeie seisoen en die meeste van die graan het in wese geen stremmingsfaktore beleef nie. Buiten vir die vooruitsig van ‘n beter inkomste per hektaar, sien Heydorn die uitsonderlike Mei-reënneerslae en voldoende winterreën as ‘n welkome hoogtepunt.

Pryse in die produsent se guns

Hoewel Heydorn erken dat berekeninge oor vanjaar se moontlike pryse ietwat sensitief is, weens die veranderende faktore en verskille van plaas tot plaas, is hy positief oor die huidige stand van sake.

“Die uitwerking van die VSA se droogte op die vraag na ons produkte is gunstig en dit lei tot ietwat hoër koringpryse as in 2020. As ‘n direkte afgeleide prys word ‘n toename in garspryse ook verwag en dit geld ook, weens droogtoestande en laer produksie in Kanada, vir die verwagte kanolapryse.” In geheel sal al die wintergraanpryse volgens huidige werklikhede in produsente se guns wees, meen hy.

Hy sê goeie oesjare is altyd welkom. “Almal se omstandighede verskil, maar as boere sal ons eerstens oorlaatskuld delg, indien daar is, en voorsiening vir die toekoms maak. Indien nodig sal ons implemente vervang en uitbreidings oorweeg”.

Uitdagings om te trotseer

Behalwe vir die gevolge van die buitengewoon baie reën vroeg in die seisoen, het graanprodusente in die Overberg redelik laat in die seisoen gesien hoe ‘n verskeidenheid grasse tussen die graan opskiet. Dit was volgens Heydorn relatief nadelig vir die oes se potensiaal.

“Verder is ons weer deur aansienlike stygings in insetkoste gekonfronteer. Die verskil in die huidige dieselprys teenoor Januarie vanjaar is ‘n voorbeeld. Ofskoon ons nie iets hieraan kan doen nie, vreet die verskil aan die verwagte goeie opbrengste en pryse se waarde, weens die omvang van stropers en vragmotors se rol tydens oestyd.”

Op Prinskraal is daar na die seëninge van 2020 nie in nuwe werktuie of toerusting belê nie. Heydorn is egter baie opgewonde oor die aanpassing wat hy ná die vorige seisoen aan sy planter gemaak het.

“Waar my planter konvensioneel toegerus was met uitlatte vir die gelyktydige vrystelling van kunsmis en saad, per presisie-

plantafstand, het ons met ‘n verdelingstuit (*split boot*) aan die einde van die saadpypie dit moontlik gemaak om twee sade per vrylating in dieselfde plantvoor neer te sit. Die voordeel is twee kansen op ontkieming, al is die planter minder mededingend. In my geval was my ontkieming baie goed en dus is die plantestand digter en die kans is daar vir ‘n aansienlik groter oes.”

Volhoubaarheid eerste

Heydorn sê dit is veral die toenemende bewustheid van optimale vogbehoud en waterbesparing wat hom nuut laat dink oor volhoubare bewerkingspraktyke. “So sal ek byvoorbeeld glad nie meer my stoppellande brand nie, omdat hitte die grond uitdroog. Ek besluit ook op watter land ek eerder hooi wil oes as om dit plat te sny. Op die ander lande sny ek die lusern plat en blaas dit vir goeie verspreiding uit oor die land. Sodoende verbeter ek die beskermingslaag van die bogrond en dra tot vogbewaring by.”

Op Prinskraal word bogrond reeds ‘n paar seisoene lank glad nie meer meganies omgedolwe nie. Heydorn plant direk in die oorblywende bogrond van die vorige plantjaar. Hy kan reeds die verbetering van die grondgehalte sien.

Soos op baie Overbergse graanplase kombineer Heydorn sy boerdery met ‘n veefaktor. “Ons besef dat vee regdeur die jaar voer nodig het. Ek het vanjaar ‘n mengsel van kanola en weiwieke geplant, wat vir dierevoer geoormerk is. Ek dink die kombinasie is ‘n wenner.”

Vir eie gebruik het hy hawer gepant wat gebaal en gestoor word. Hy laat gesnyde hawer op die lande agter vir veevoer in die onmiddellike toekoms.

Wat koring betref het hy vanjaar met sowat 300 ha minder koring as gars geplant. Sy keuse het op SST0117 en SST087 geval. Wat sy garsvariëteite betref het Heydorn vanjaar in Elim en Hessequa belê.

Oestyd

Indien alles goed verloop en daar nie klimaats- of ander onderbrekings is nie, duur oestyd op Prinskraal drie tot vier weke. Hy wys egter op die talle faktore wat die oestydperk en die oesgehalte kan beïnvloed. Dit sluit reën, temperatuurskommelings en wind tydens die oestyd in.

“So gou as wat die graanvog laag genoeg is word gestroop tot die voginhoud weer styg. By my is die suidooswind vol vog van die see af. Dit maak die oesdag baie kort, soms slegs ‘n uur of twee. Die suidwestewind kom oor die land en is lekker droog, dan is ons oesdae langer en kan ons nog redelik in die nag oes, tot al die holgoed vol is,” glimlag Heydorn.

Die omdraaiyd tussen die graanlande en die silo’s word baie fyn bestuur. Om die gestroopte graan veilig en so vinnig as moontlik ingeweeg en afgetap te kry, vereis goeie dienslewering en beplanning. “Hulle sê mos geen oes word somer sonder ‘n meganiëse of tegniese uitdaging afgehandel nie. Dit is gevolglik moeilik om die werklike duur van oestyd te skat.”

Heydorn sê vir hom bly graanproduksie, gekombineer met die veefaktor, ‘n geloofsdaad. Hy is dankbaar vir die hulp en ondersteuning van sy vrou Judy en twee dogters, Shael en Janine.

“Sonder my personeel se ondersteuning en aanmoediging deur dik en dun, en die hand van ons hemelse Vader in alles op hierdie pad, sal ek verseker nie die paal haal nie. Elke saadjie wat ontkiem is vir my ‘n volkome wonderwerk. Ons plant in geloof en oes met vreugde en ‘n dankbare hart,” sê hy. 🙌

Koringforum – voorsittersverslag Allan Bishop

Plundery beklemtoon voedselsekerheid

Die implementering van 'n paspoortstelsel vir graan is een van die belangrike sake vir die Koringforum se lede wat Allan Bishop in sy voorsittersverslag beklemtoon het. In die koringbedryf se herlewing is dié stelsel steeds 'n rede tot kommer.

Mnr Bishop is tydens 'n virtuele vergadering van die Koringforum eenparig tot voorsitter en die organisasie se bestuurskomitee herkies. Saam met die bedryfsforums vir mielies en sojabone word voortgegaan om 'n enkele graanforum tot stand te bring sodat duplisering onder meer uitgeskakel kan word. Die Koringforum raadpleeg rolspelers in die forum hieroor sodat 'n aanbeveling na die bestuurskomitee gemaak kan word.

Mnr Bishop het in sy voorsittersverslag gewys op die voorafgaande 18 maande se probleme en gesê ondernemings het daarin geslaag om onder moeilike omstandighede voort te gaan, omdat hulle onder meer waarde toegevoeg het, vorige werkswyses laat vaar en die uitvoering van sake verbeter het.

Hulle fokus was op klante se behoeftes en op sake wat beheerbaar is.

Die COVID-19-pandemie en politieke onstabieleit het groot ontwrigting vir die ekonomie en gemeenskappe veroorsaak. Nie net het die opstande en plundery volgens mnr Bishop beklemtoon hoe belangrik voedselsekerheid in die land is nie, dit het ook 'n baie ongunstige uitwerking op die graanbedryf gehad. Landbou se bydrae tot ekonomiese groei en uitvoer en die rol wat kommersiële boere speel, verdien erkenning.

Beperkings wat volgens mnr Bishop vooruitgang in landbou belemmer, sluit in ondoeltreffende staatsadministrasie, infrastruktuur, veiligheid en onsekerhede soos grondonteiening en elektrisiteits- en watervoorsiening.

Die Koringforum se oogmerke bly volgens mnr Bishop dieselfde, naamlik om in belang van die koringbedryf op te tree en aandag te gee aan sake wat rolspelers se gemeenskaplike belange beïnvloed. ♡

Vertraagde tariefaanpassings maak beskerming teen invoer nutteloos

Die Koringforum het sedert 2019 verskeie kere probeer om met regeringsdepartemente te vergader oor verdragings met die implementering van die koringinvoertarif se aanpassings.

“Verdragings met die implementering van tariefaanpassings het die (tarief)stelsel onfunksioneel gemaak en verleen nie die beplande ondersteuning aan die bedryf nie,” het Boikanyo Mokgatle tydens die Koringforum se jaarverdering gesê.

Hy het verslag gelewer oor vordering met die wisselende invoertariefstelsel se doeltreffendheid. Drie regeringsdepartemente is by die tarief betrokke en volgens sommige rolspelers in die koringbedryf dra koördinasie tussen hulle by tot die vertraagde tariefaanpassings. Die departemente is handel, nywerheid en mededinging, die kommissie vir internasionale handelsadministrasie en die departement van finansies.

Mnr Mokgatle, wat die nasionale meulenaarskamer in die Koringforum verteenwoordig, sê drie voorstelle is tydens 'n vergadering in Augustus 2019 aan minister Ebrahim Patel van handel, nywerheid en mededinging voorgelê om verdragings uit te skakel.

Dit behels 'n outomatiese aanpassing op die dag wanneer

'n nuwe tarief volgens die huidige formule sneller, sonder 'n administratiewe proses daaraan verbonde. Alternatiewelik 'n aankondiging op die dag wanneer die aanpassing sneller dat 'n nuwe tarief in sewe werksdae afgekondig gaan word. Derdens het die Koringforum voorgestel dat die tarief maandeliks op 'n vasgestelde datum gewysig word.

Die huidige tydsame implementering van die tariefaanpassing is volgens mnr Mokgatle teenproduktief en het uiterste gevolge vir die bedryf. Op grond van die minister se onderneming om 'n alternatiewe stelsel te oorweeg, probeer die Koringforum se bestuurskomitee vergeefs om 'n opvolgvergadering te belê.

Die minister se departement het laat weet dat hy toegewooi is met sake van die COVID-10-pandemie. Hulle is nogtans daartoe verbind om die tariefstelsel te verbeter en verdragings uit te skakel.

Volgens mnr Mokgatle se opname van die tydsverloop wanneer die tarief aangepas kon word en die datum waarop dit afgekondig is, het dit een keer 23 weke geduur. In sy opname tussen Julie 2018 en Mei 2021, was daar tydsverloop van 17, 14 en 10 weke voor die afkondiging. Die vinnigste afkondiging was binne vier weke. ♡

Besware oor inspeksiediens se tariewe en sakeplan vertraag proses

Die beplande inspeksiediens vir voedselstandaarde is weens appèlle reeds etlike maande vertraag. Nadat verskeie partye in die graan- en oliesadebedryf by die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling daarteen beswaar gemaak het, is 'n nuwe voorsitter vir die appèlraad aangewys. Verhore sou na verwagting in Oktober 2021 begin het.

Tydens die Koringforum se jaarvergadering in September vanjaar het Leon du Plessis van L en L Landboudienste, wat as sekretariaat vir die Koringforum optree, berig dat die departement en beswaarde rolspelers van die bedryf weer ná die appèlverhore sou vergader.

Die departement het reeds in 2016 die maatskappy Leaf Services aangestel om die inspeksiediens in werking te stel. Ondanks talle besware is in 'n Staatskoerant in Junie 2021 aangekondig dat die inspeksiediens ingevolge wetgewing in

Julie 2021 sou begin. Die bedryf en private sektor se besware handel oor 'n werkbare sakeplan en die afgekondigde tariefstruktuur, wat intussen gewysig is.

Ingevolge wetgewing oor produkstandaarde mag rolspelers appèl teen die inspeksiediens se toepassing aanteken. Weens die besware en ondanks die afkondiging in die Staatskoerant, is daar nie met die inspeksiediens begin nie. Indien daar ná die appèlproses steeds nie eenstemmigheid is nie, oorweeg sommige rolspelers verdere regsoptrede.

Tariewe wat in die Staatskoerant van Junie 2021 afgekondig is om die inspeksiediens te kan uitvoer, was laer as die aanvanklike tariewe wat in April 2021 vir kommentaar voorgelê is. Die tarief word gehêf by kopers, invoerders en verwerkers van produkte en by broodbakkers. Die latere tarief was R1,80/ton vir alle graan en oliesade, R4/ton vir koring- en mielieprodukte en R0,02/brood. ♡



Onerlikheid in afslagstelsel benadeel meulenaars, verwerkers

Die Koringforum het vertrou dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) gaan help om oneerlikheid en die benadeling van plaaslike meulenaars en verwerkers met ingevoerde koring te bekamp.

Ingevolge 'n tariefvergunning aan die Suid-Afrikaanse buurlande Botswana, Eswatini, Lesotho en Namibië (BELN) mag hulle 'n voorgeskrewe hoeveelheid koring vir binnelandse gebruik tariefvry invoer. Dit mag egter nie as koring of meel na enige van die ander BELN-lande uitgevoer word nie.

Dié vergunning deur die kommissie vir internasionale handelsadministrasie (Itac) is egter nie op Suid-Afrika van toepassing nie. Besware deur Suid-Afrikaanse meulenaars en verwerkers oor afslagkoring en meel wat in Suid-Afrika beland, duur volgens die Koringforum reeds jare lank.

Die Koringforum se bestuurskomitee het die probleem ondersoek met die plan om meer dissipline en gelyke toepassing van die stelsel ingestel te kry, of om die afslagstelsel geskrap te kry.

Volgens 'n verslag deur die handelsregkundige Lambert Botha van Hilton Lambert, het verteenwoordigers van die Koringforum met Itac onderhandel. Hulle is aangeraai om die probleem met SARS te bespreek. SARS het ingestem om 'n vergadering te hou en mnr Botha sê hulle vertrou dat nuwe maatreëls ingestel gaan word. ♡

Vrywillige heffings noodsaaklik vir wintergraan se bedryf

Die Wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT) hoop dat vrywillige bydraes uit koring, gars en hawer vanjaar nog 'n invorderingskoers van 50% sal behaal. Dié trust het tot stand gekom nadat die Landboubemarkingsraad in 2020 nie aan die Koringforum se voorwaarde van 'n wysiging aan die Wintergraantrust se trustakte wou voldoen nie.

Tydens die Koringforum is afgelope jaarvergadering is rolspelers ingelig dat die vrywillige heffings nog 'n jaar voortgesit gaan word, van 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022. Sedert die instelling van die heffing in Oktober 2020 is R20 miljoen tot in September 2021 ingesamel.

Belangrike bedryfsfunksies word met die heffings bestuur, hoofsaaklik om die vrye mark in stand te hou. Twintig persent daarvan word vir transformasieprojekte aangewend. Die bedryfsfunksies sluit in werk deur die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL), die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) en verskeie navorsings- en transformasieprojekte. Die navorsingsprojekte word in vyf kategorieë verdeel, naamlik teling, gewasbeskerming, produksiestelsels, kwaliteit en tegnologie-oordrag.

Tot aan die einde van Augustus 2021 is heffings op die volgende hoeveelhede graan ingevorder: koring 1 488 040 ton, gars 321 929 ton en hawer 22 956 ton. Die heffings beloop R14,50/ton vir koring en gars en R6/ton vir hawer – BTW uitgesluit.

Die trust se trustees is saamgestel uit verteenwoordigers van die produsente, verwerkers, opbergers en eindverbruikers. Die huidige trustees is Richard Krige (voorsitter), Jannie de Villiers, Boikanyo Mokgatle, C Binnion en Wessel Lemmer. 'n Verteenwoordiger van die verbruikers word ingewag. Die trust se administrateur is Leon du Plessis van L & L Landboudienste. ♡

RSA voer nou meer Aussie-koring in



Suid-Afrika het vanjaar meer koring van Australië af ingevoer en minder van Rusland en Lithuanië af. Die meeste koring wat van Suid-Afrika af uitgevoer is, het volgens die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) na Botswana gegaan.

In sy voorlegging oor SAGIS aan die Koringforum het Nico Hawkins, uittredende hoofbestuurder, gesê Suid-Afrika gaan vanjaar sowat 1,5 miljoen ton koring invoer, wat minder is as in die vorige seisoen. In die eerste tien maande van die seisoen (1 Oktober 2020 tot 31 Julie 2021) het Suid-Afrika R5,3 biljoen vir ingevoerde koring betaal.

Sowat 85% van die ingevoerde koring is deur die Durbanse hawe ontvang en bykans 7% deur Kaapstad se hawe. Altesaam 47 skepe met gemiddeld 35 779 ton per skip het die ingevoerde koring in die eerste elf maande van die seisoen aan Suid-Afrika gelewer.

Vir die verspreiding van koring van kommersiële opbergers af, hetsy na of van hawens of opbergers af, is grootliks van padvervoer gebruik gemaak. Minder as 10% is per spoor vervoer en meer as 80% per pad.

Koring se oordragvoorraad is vanjaar meer as in die vorige twee seisoene en kan na verwagting weer in die volgende seisoen verminder.

Per persoon het Suid-Afrikaners in die twaalf maande van Augustus 2020 tot Julie 2021 bykans 57 kg verwerkte koringprodukte gebruik. Dit is ongeveer dieselfde hoeveelheid as produkte afkomstig van oliesade af. Plaaslike inwoners ge-

bruik egter meer mielieprodukte, wat volgens SAGIS 61 kg per persoon behoort te wees.

Die verbruik van wit- en bruinbrood is sedert die 2015/16-seisoen in verhouding bykans dieselfde. In die dekades vooraf was eers witbrood en later bruinbrood die gewildste. Sedert 1949/50 is meer wit- as bruinbrood verkies. In ongeveer 1976/77 het bruinbrood die bordjies verhang en die gewildste geword. In 2015/16 was verbruik bykans dieselfde en tot vandag word effens meer bruinbrood verkies.

In die afgelope twaalf maande het Suid-Afrikaners 2,3 biljoen eenhede brood gebruik. Volgens SAGIS se statistiek van 1949/50 af was heerkoringbrood deurgaans gewilder as ander pangebakte brood. Die hoogtepunt van broodverbruik sedert 1949/50 was in 1980/81 toe bykans 70 brode per persoon gebruik is. Dit het sedertdien afgeneem tot sowat 40 eenhede per persoon in 2019/20.

Die Koringforum het waardering uitgespreek vir mnr Hawkins se betrokkeheid en toewyding aan verskillende graanbedrywe, aangesien dit sy laaste voorlegging was voor sy uitdienstreding vroeg in 2022. 🍷

Graanlaboratorium sny rieme dunner weens befondsing uit heffings

Die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) moes onder meer ontledings afskaal omdat inkomste uit graantrusts se heffings onvoldoende is. Dit sluit in die kwaliteitsontleding van die 2020/21-seisoen se getal koringoesmonsters, asook die getal monsters van ingevoerde koring waarvan die kwaliteit ontleed word.

In 'n verslag oor die SAGL aan die Koringforum het die Laboratorium se hoofbestuurder, Wiana Louw, vermeld dat 250 koringmonsters van die 2020/21-seisoen vir kwaliteit ontleed is. Dit is 83 monsters minder as met die vorige seisoen se ontleding. Met ingevoerde koring kon veel minder monsters ontleed word: slegs 142 individuele en 39 saamgestelde monsters teenoor die vorige seisoen se 195 individuele en 61 saamgestelde monsters.

Die vermindering in monstergetalle is aan onvoldoende fondse toegeskryf. Dit is bekend dat, soos ander graanbedryfsdienste, 'n groot deel van die SAGL se inkomste afkomstig is uit projekte wat deur statutêre heffings afkomstig van die Wintergraantrust befonds word. Die wintergraanbedryf

het 'n alternatiewe trust gestig en die statutêre heffing is met 'n vrywillige heffing vervang.

Die Wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT) oorweeg 'n navorsingprojek van die SAGL vir die ontwikkeling van Konica Minolta CM5 kleur-evalueringsnorme vir die vrystelling van broodkoringteelyne. Die resultate van kleurbepalings oor agt seisoene gaan statisties ontleed word. Saam met die ontledingsresultate van die eksperimentele monsters kan dit as basis gebruik word vir die berekening of bepaling van nuwe evalueringskriteria. Die projek kan volgens me Louw binne 'n jaar voltooi word omdat inligting van verskeie seisoene reeds beskikbaar is.

Weens die bedryf se begrotingsbeperkings oorweeg die Koringforum se bestuurskomitee die moontlikheid dat telingsmaatskappye self vir hulle ontledings moet betaal.

Wessel Lemmer van die landbousakekamer se graanafdeling, Agbiz Grain, het by die forumvergadering lof betuig vir die SAGL se dienste. "Ons is bevoorreg om hierdie belangrike diens in die bedryf te hê. Ons is trots op ons verbintenis met die Graanlaboratorium." 🍷



FarmSol:

Developing future-fit farmers for South African barley

FarmSol celebrated five years of supporting new farmers during October 2021. In partnership with the South African Breweries, FarmSol is one of South Africa's largest private sector led grain farmer development companies, focused on bringing sustainable empowerment solutions linking customers in the food and beverage sector with emerging growers as their raw material suppliers.

In the 2021 summer crop season alone, FarmSol paid over R18 million in profits to participating smallholder farmers, making a meaningful contribution to poverty alleviation, raising incomes and improving food security for South Africa's rural communities and farmers.

This has been made possible by FarmSol's partnership with the South African Breweries; which has continued to partner with FarmSol to support

hundreds of smallholder farmers across South Africa with production loan funding, mentorship and access to markets.

In 2021, three new partners joined hands with FarmSol to support other crops. These partnerships and collaborations will enable the company to increase their impact and support many more capable emerging farmers across South Africa.

"I have been steering the ship at FarmSol for the past three years, in which we faced several challenges, including droughts, flooding and the Covid-19 pandemic. What an exciting journey it has been," says Aron Kole, Managing Director of FarmSol.

"We are particularly proud of the contribution each one of our farmers and the FarmSol team has made to the South African agricultural landscape. Our farmers showed incredible resilience to keep their heads up against all odds,



Aron Kole, Managing Director of FarmSol.

and keep on doing what all farmers do, namely get up, put up with their challenges, grow crops and keep doing their best to produce food for the nation.

"The past five years have taught us that the challenge in transformation is not the farmers, nor the market, but often a way of connecting these two with one another. FarmSol is playing this crucial role, and we will continue doing so to build a strong South Africa." 🌱

Bioproduct Organisation appoints Andrew Bennett

The South African Bioproduct Organisation (SABO) recently appointed Andrew Bennett on a part time basis as General Manager to assist with the day-to-day operations of SABO, including supporting and overseeing the activities related to its working groups and creating initiatives to promote the biological industry. Clarifying the regulatory process for biologicals is high on the priority list.

SABO was established in 2013 as a brainchild between the Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development, various research institutions as well as the agricultural industry. The objective was to improve the standards of bioproducts in the market to protect

both the supplier and the growers using these biological products.

The purpose of SABO is to develop the agricultural bioproduct industry in South Africa and to regulate the activities of participants in accordance with high ethical and science-based standards. SABO aims to grow the industry by educating the benefits of the products and services available in the industry. Agricultural private companies, universities and individuals contribute to SABO's current 37-member base.

Previously, Mr Bennett was with Monsanto (22 years) where he led their Technology Development team in Asia and Africa. He has been active in various industry bodies such as IRAC (Insect



Andrew Bennett

Resistance Action Committee) as well as SANSOR (Innovation Committee).

For more information on particulars of SABO, visit www.sabo.org.za. 🌱




Figure 1. Crop levy cycles of winter grains vs financial year.

SACTA annual feedback on small grains industry: Aims are achieved

Wheat quality is very important to South Africa. Annually 2,5 billion loaves of pan bread are produced and 3,5 million tons of other wheat-based products like cake flour, white and brown bread flour and bran.

Mariana Purnell
EDITORIAL CO-WORKER

Locally produced wheat must satisfy the needs of farmers as well as the milling and baking industries. Wheat breeding programmes must therefore develop cultivars that provide high and stable yields, as well as plants that are tolerant to diseases and environmental stress while still maintaining all the inherent properties and traits that are required to produce good quality baked goods.

Although local breeding programmes supported the wheat industry in the past, the establishment of the SA Cultivar and Technology Agency (SACTA) to collect and manage a breeding and technology levy has enabled local companies to access international breeding programmes, technologies and knowledge. The promise of a return on investment through the breeding and technology levy has stimulated more interest amongst seed companies.

The purpose of the levy, which is collected on self-pollinating grains and oilseeds at the first point of sale, is to support breeding programmes in developing new varieties with the latest technology. As of October 2021, the levies for all these crops have been raised from R30,00 per ton to R32,00 per ton.

Gert Heyns, SACTA Chief Executive Officer, reported that levy collection efficiency has been high since inception, with the most recent figures showing a success rate of 92% for wheat and 97% for barley.

The gross levy income of winter grains over the last five years has fluctuated, as it is linked to the local pro-

duction figures. During the past year the levy collected on wheat amounted to R46,795 million, for barley R13,806 million and R808 000 for oats (Fig. 2).

The Administrator of SACTA, Leon du Plessis of L&L Agricultural Services, has given the assurance that, with administrative costs running at 2,38% and a 2,5% commission paid to collaborators, the bulk of the funds are indeed spent on achieving the aims of the organisation. The income from the levies is distributed, after deduction of agreed facilitation fees, in terms of a determined market share to qualifying seed companies with commercial rights to market and distribute seed within South Africa.

During the past year (Grain marketing season 2019/20 and Financial year 2021), levy distribution to the principals for breeding and technology amounted to R29,157 million in respect of wheat, R6,705 million for barley and R632 000 for oats (Table 1).

The return on these investments outlined in Table 1 are reflected in the recent cultivar approvals made by the Wheat Forum's Cultivar and Technical Committee.

Despite importing 2,2 million tons

of wheat to augment the local shortfall during 2020 at an import value of R8,1 billion (FOB), annual crop quality figures continue to show that South African cultivars exhibit far better milling and baking qualities than the wheat from international suppliers (See the SAGL Annual Wheat Crop Quality Reports <https://sagl.co.za>). The important focus now is to develop high yielding wheat cultivars for South Africa whilst still maintaining the good milling and baking qualities. 🌾




Figure 2. Gross levy income of winter grains over the last 5 years.

Table 1. Levy distribution to seed companies involved in wheat, barley and oats over the last four years

Levy Distribution to Principals					
Value in Rand ('000) ex VAT					
Grain Marketing Season	Oct 16 – Sep 17	Oct 17 – Sep 18	Oct 18 – Sep 19	Oct 19 – Sep 20	
CROP	FY 2017	FY 2018	FY 2019	FY 2020	FY 2021
Wheat		R31 392	R33 920	R41 163	R29 157
Barley		R6 274	R6 714	R9 691	R6 705
Oats					R632
Payment Made		Nov 17	Nov 18	Nov 19	Nov 20

SACTA levy uplifts small grains industry on many levels

The SA Cultivar and Technology Agency (SACTA) was established to collect and manage a breeding and technology levy on self-pollinating grains and oilseeds. The purpose of the levy is to support breeding programmes in developing new varieties with the latest technology so that South African farmers remain competitive in the world markets.

Mariana Purnell
EDITORIAL CO-WORKER

SACTA's levy has stimulated more interest amongst seed companies to enter into and invest in the local wheat seed market and also enabled local companies to access international breeding programmes.

The promise of a return on investment through the breeding and technology levy has also supported transformation in the wheat industry. As the SACTA breeding and technology levy is statutory, 20% of levy income is allocated to transformation projects, according to the guidelines of the national agricultural marketing council (NAMC).

According to Dr Bheki Maliba, SACTA Transformation Manager, 20% of the collected levies are allocated and split between various transformation activities and initiatives. The four focus areas and their relevant portions of funding are Enterprise development, Skills development, Management of the programme and Socio-economic development projects.

During the 2021 financial year more than R67,6 million was available for transformation. Following allocations in all four categories of transformation (**Table 1**), the current total available is just over R40 million.

Enterprise development

In the execution of the enterprise development activities, SACTA makes use of service providers with specific expertise, like Grain SA, FarmSol, Agriqua Holdings, Senwes and Lucid Support Services. The service providers advise and mentor farmers, assist with crop planning, crop management and the crop rotation programme as well as budgeting and the marketing of their grain.

In the 2020 programme, four developing wheat farmers on 290 ha in the

Table 1. Transformation: Funds available and allocated for the 2021 financial year and planned projects for the 2021 season.

Transformation funds	2021 FY Value in rand	Planned projects for 2021 season Value in rand
Opening balance	37 218 566	
Plus: 20% allocation from nett levy	30 470 473	
Less: Transformation payments		
- Enterprise development	24 131 955	43 640 000
- Skills & training	1 478 200	1 850 000
- Management control	827 956	3 054 800
- Socio-economic development	1 058 495	550 000
TOTAL AVAILABLE	40 192 433	49 094 800

Western and Northern Cape were assisted. During 2021, 50 farmers on 1 862 ha in the Western and Northern Cape will be assisted with wheat, barley and canola.

Farmers are selected for their potential to become successful commercial farmers and then supported with an interest-free, three-year repayable loan for input financing.

Skills development and training

The number of SACTA bursaries allocated towards PhD, MSc and Honours (**Table 2**) has grown from 6 in 2019 to 21 at present.

Bursaries are awarded only to black RSA citizens who study full time at any South African university in fields of study relevant to the SA grains and oilseeds industry, with a focus on breeding and technology.

Study topics, the nominated mentors for the study programmes and the universities must, however, be approved by the SACTA Board. Students are expected to work in the local agricultural industry for a period equal to that for which the bursary was awarded.

Internships

SACTA also grants internships which are normally one year long and the amounts

Table 2. Skills development and training from 2019 to 2021.

FUNDING	2019	2020	2021
PhD	1	6	9
MSc	4	8	7
Honours	1	1	–
Internships	–	2	5
TOTAL FUNDED	6	17	21

differ according to the incumbent's post-graduate qualifications. Such internships should be at agricultural industry related companies.

One internship was granted this past year with CenGen, a recognised biotech laboratory in winter cereals, while five internships were approved at the University of Pretoria for 2021.

Socio-economic development

SACTA has elected to make a positive impact at selected schools within the primary production areas and to limit its initiatives to focus mainly on water and water infrastructure at schools in need. This is done in collaboration with the schools and various Rotary clubs in the specific area.

SACTA made donations to Afrika Tikun (Peace Garden Project) in the Western Cape and the South African Solidarity Fund to the value of R1 000 000. The NWU-Emergency Food Project was also supported with a donation of R50 000. 🌱

Toekoms van SA se wintergraan en oliesade

– BFAP se vooruitskouing

Na die 2020-seisoen se prestasies in die koring-, gars- en kanolabedryf lyk die volgende seisoen se oes-vooruitsig volgens die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) eweneens belowend. Desondanks kan die plaaslike koringprys laer wees, in teenstelling met die internasionale prys wat op grond van ander faktore bepaal word. Soos toestande ná die Covid-pandemie normaliseer, kan plaaslike garsproduksie weer toeneem sodat Suid-Afrika weer in sy eie aanvraag sal kan voorsien. In die kanolabedryf het die oppervlak en opbrengs sodanig verhoog dat 2030 se mikpunte reeds in 2020 behaal is. Oor die lang termyn het die kanolabedryf goeie vooruitsigte, onder meer weens groot markruimte vir veevoer en olie.

Wingsgrense: Kanola kan koring klop en koring kan voergars klop

Weens die toename in internasionale pryse van groente-olie kan die verskil in die Suid-Afrikaanse wingsgrens tussen wintergraan en kanola in die 2021-seisoen verklein, sê die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) in sy vooruitskouingsverslag. Dit is van toepassing op die produksie van wintergraan en kanola in die Wes- en Suid-Kaap.

In die 2020-seisoen was koring en gars se wingsgrens in hierdie produksiegebiede beter as dié van kanola en hawer. In hierdie berekening het die BFAP se kundiges nie moontlike prysverlagings van koring en gars weens kwaliteitsprobleme in aanmerking geneem nie.

Die BFAP het 'n vooruitskouing ge doen van wingsgrense in 2021 se koringproduksie, met inagneming van kwaliteit, opbrengs en prys. Dit toon 'n soortgelyke situasie as met die 2020-seisoen se kwaliteitsverslag wat deur die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium saamgestel is. Indien 'n groot hoeveelheid koring in 2021 soos in die 2020-seisoen tot voergraad afgegradeer word, kan koring se bruto wingsgrens met R2 300/hektaar verminder.

Die Buro het ook kombinasies van koringkwaliteit en -opbrengs gebruik om wingsgrense te bereken. Daarvolgens kan produsente bepaal of hulle eerder op opbrengs of op kwaliteit moet fokus. Volgens die kundiges toon die ontledings 'n fyn balans tussen kwaliteit en opbrengs. In sommige gevalle kan dit vir produsente winsgewender wees om hoër opbrengste na te jaag, selfs al word 'n groter deel van die oes na 'n laer graad soos B2 of B3 afgegradeer.

In die BFAP se vergelyking van gars as veevoer en koring, toon die berekening dat 'n produsent in Caledon 500 tot 700 kg/ha meer gars moet produseer om koring se wingsgrens te ewenaar.

Kanola het potensieel egter 'n hoër wingsgrens as sy mededingende gewasse. Met 'n opbrengs van tussen 1,5 en 1,7 ton/ha hoef die kanolaprodusent net 200 tot 300 kg/ha méér te produseer om beter te kan presteer as mededingende gewasse.

Met 'n opbrengs van 2 ton/ha kan die kanolaprodusent 'n wingsgrens bereik wat 9% beter as gars se wingsgrens is, 23% beter as koring en 34% beter as hawer se wingsgrens. ♣

Omvattende vooruitskouing van landbou in volgende dekade

Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se jongste vooruitskouing vir die dekade van 2021 tot 2030 is onlangs vrygestel. Soos in vorige verslae is die inligting saamgestel deur 'n ervare span plaaslike en internasionale kundiges en organisasies uit verskillende vakdissiplines.

Dit bevat 'n vooruitskouing van landbouproduksie, verbruik, pryse en verhandeling. Die verslag se doel is om inligting te verskaf vir besluitneming van beleid en sake.

Die Buro, met prof Ferdi Meyer as besturende direkteur, beklemtoon dat markte wisselvallig is en dat toekomstige veranderings hulle projeksies kan beïnvloed. Die verslag is gevolglik nie 'n voorspelling van toekomstige gebeure nie, maar 'n riglyn wat met inagneming van gemiddelde faktore soos klimaat, beleide en handelstoestande gebruik kan word.

Die BFAP se verslag behoort as een van die instrumente in 'n besluitnemingsproses gebruik te word, saam met ander bronne van inligting en ervaring. ♣

Gars kan pandemie se terugslae oorkom

In teenstelling met 2020 se rekord-garsoes wat 'n verbetering van 71% op die voorafgaande oes was, was die bemerkbaarheid daarvan 'n kontras, sê die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) in sy vooruitskouingsverslag van 2021 tot 2030.

Die beperkende regulasies weens COVID-19 het chaos in Suid-Afrika se gasvryheidsbedryf veroorsaak en 'n wesenlike negatiewe uitwerking op bierverkope gehad. Die garsvoorraad het gevolglik vinnig verhoog en het uiteindelik veroorsaak dat 'n beduidende hoeveelheid van die goeie oes as veevoer bemark moes word.

In die voorafgaande twee jaar is gemiddeld 5% van die garsoes volgens die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens as veevoer gebruik. In 2020 het hierdie hoeveelheid eers tot 23% en later tot 42% verhoog, sê die BFAP. Die prys van gars as veevoer is gemiddeld sowat 35% minder as gars wat vir vermomting verhandel word.

Die oordragvoorraad gars en daling in bierverbruik het meegebring dat garsaanplantings in 2021 met 35% verminder het. Oor die korttermyn het die COVID-19-pandemie groot finansiële verlies in die bedryf meegebring. Die BFAP se kundiges bereken dat produksie oor die volgende tien jaar stelselmatig gaan toeneem. Suid-Afrika sal in die loop van die dekadere weer selfversorgend vir sy behoefte aan gars word. 🌱



Kanola se toekoms belowend

Verbeterde saadtegnologie in die kanolabedryf het saam met beter landboupraktyke en bemerking van dié gewas as 'n lewensvatbare wisselbougewas veroorsaak dat aanplantings en opbrengs teen 'n stewig pas gegroei het.

Die gemiddelde opbrengs van 2,25 ton/ha wat in 2020 behaal is, was 'n teiken wat die bedryf vir 2030 gestel het.

Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) sê die kanolabedryf se markruimte berus in die toekoms op kanolameel vir die voerbedryf en olie vir menslike gebruik. Althoe hierdie produkte word ingevoer om aan die aanvraag te kan voldoen. Aansienlike beleggings in kanolaverwerking het volgens die Buro se kundiges 'n geleentheid geskep vir uitbreidings in die bedryf. Opbergingsgeriewe word ook uitgebrei.

Die voorafgaande oes het 'n surplus veroorsaak maar gelukkig het dit saamgeval met hoë internasionale pryse vir olie. Suid-Afrika se kanolabedryf het die geleentheid benut en vir die eerste keer is 30 000 ton na Europa uitgevoer.

Deur die surplus op hierdie manier uit die plaaslike mark te neem, het volgens die BFAP die weg gebaan vir nog 'n goeie kanolaseisoen met goeie pryse. Dit het ook 'n uitkoms gebring vir garsprodusente. Wintergraanprodusente kon weens beperkings in die garsbedryf hulle aanplantings na kanola verander.

In die vooruitskouingstydperk van 2021 tot 2030 voorsien die BFAP 'n gunstige toekoms vir die kanolabedryf. Produksie kan tot 244 000 ton toeneem met voldoende markruimte beskikbaar, veral as veevoer in die melkbedryf wat reeds meer as 95% van sojameel inneem.

Die toenemende produksie van kanola-olie skep geleentheid om die hoeveelheid ingevoerde olie te verminder. 🌱

Rotasie en weidings kan koringhektare verminder

In die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se vooruitskouing van die volgende dekadere word verwag dat koring se verbruik jaarliks met gemiddeld 1,1% kan toeneem, wat in ooreenstemming is met die verwagte toename in produksie. Dit sal nie 'n groot invloed op die hoeveelheid ingevoerde koring hê nie, wat volgende die Buro se berekening jaarliks tussen 1,5 miljoen ton en 1,8 miljoen ton gaan wees.

Aanplantings kan na verwagting in die volgende tien jaar effens verminder omdat produsente toenemend van gewasrotasie gebruik maak en meer weidingsgewasse en alternatiewe voer soos lupiene gaan plant.

Ondanks die hoër internasionale koringprys, kan die plaaslike prys in die 2021-seisoen volgens die BFAP se kundiges effens laer wees. Terwyl die inter-

nasionale prys beïnvloed is deur onder meer China se verhoogde invoer van mielies en sojabone en 'n daling van oliesade se produksie, word die Suid-Afrikaanse koringprys hoofsaaklik deur die wisselkoers beïnvloed. Die hoër internasionale koringprys veroorsaak verder dat Suid-Afrika se invoertarief nie geaktiveer word nie, omdat die internasionale prys volgens die tariefformule minder as 279 Amerikaanse dollar moet wees.

Die BFAP beskou Suid-Afrika se koringproduksie van meer as 2 miljoen ton in 2020 as merkwaardig, omdat dit op net 509 000 hektaar geproduseer is. In 2011 het produsente ook meer as 2 miljoen ton geproduseer, maar dit was van 604 000 ha se aanplantings af.

Die gemiddelde opbrengspotensiaal het dus in die afgelope dekadere merkwaardig toegeneem. Dit kan volgens die

BFAP toegeskryf word aan beleggings in teelprogramme ná aanpassings in die graderingstelsel en aan beter boerderypraktyke wat bewaringsbewerking en meer gewasrotasie insluit.

Met internasionale koringproduksie verwag die Internasionale Graanraad 'n rekord van 790 miljoen ton in 2021/22, hoofsaaklik weens produksietoenames in Rusland, Kazachstan en Australië. Die toename in internasionale koringvoorraad kan volgens die BFAP meebring dat pryse in die volgende twee seisoene daal en in die volgende dekadere op ongeveer 220 VSA\$ gaan stabiliseer.

Indien Suid-Afrika se invoertarief-formule nie verander nie, kan dit meebring dat die invoertarief weer in werking tree sodra die prys van Amerikaanse harde rooi winterkoring tot minder as 279 VSA\$ daal. 🌱

The change to conservation agriculture among dryland wheat producers in the summer rainfall areas

Adoption to conservation agriculture: Low rate amongst FS wheat farmers

In switching from conventional farming to conservation agriculture, producers must make changes that completely alter their traditional way of farming. Despite several efforts, adoption rates of conservation agriculture by dryland wheat farmers in the Free State are very low. A change to conservation agriculture brings about a benefit of improving soil moisture storage efficiency and drought resistance of the crop.

**Nondumiso Zanele Sosibo,
Ernest Dube**

AGRICULTURAL RESEARCH COUNCIL-
SMALL GRAIN, BETHLEHEM

Change is inevitable. Wheat producers should embrace change as a way of their working life for the survival of their agri-businesses. Conservation agriculture (CA) is now widely accepted as the future of sustainable soil management and profitable crop production in South Africa and should be embraced by all producers.

However, in switching from conventional farming to CA, producers must make changes and initiatives that completely alter their traditional way of farming. The producers must farm by the three principles of CA, which are minimal mechanical soil disturbance or no-till, permanent soil cover through cover crops/crop residues and diversified crop rotations.

Conservation agriculture improves soil organic matter, and consequently soil physical, chemical and biological properties. The inclusion of legumes such as soybean in the rotation system improves nitrogen and reduces N requirements for wheat crops. Even greater savings are realised through reduced or no-tillage when practising CA.

For the dryland wheat producers of the summer rainfall area in the Free State, a change from conventional tillage to CA brings about a very important

benefit of improving soil moisture storage efficiency and drought resistance of the crop. Having adequate soil moisture at wheat planting time in the months of May-July is particularly critical for dryland wheat, as little to no rainfall is received at wheat planting time in the Free State. The crop relies on stored soil moisture for early growth and development.

Reduced tillage practices and mulches on the soil surface will reduce losses of deep-seated soil moisture when CA is practised. Soil organic matter, which naturally increases under CA, has a sponge effect on the soil and will increase the moisture-holding capacity.

In the Western Cape, the expansion of CA among dryland wheat producers has been increasing, and current adoption rates are estimated at 90%. However, in the Free State, adoption rates of CA by dryland wheat farmers are very low, despite several efforts promoting the practice. This is evidenced by intensively ploughed fields that can be seen all over the province at wheat planting time.

The major problems with conventional tillage are land degradation through erosion, an ever-increasing fertilizer input required to maintain yields, and increasing drought susceptibility of the dryland wheat crops. One cannot help but wonder whether producers of dryland wheat in the summer rainfall areas are not aware of the benefits of CA or generally lack knowhow of how to do CA.

This of course is likely not the case,

as scientific information regarding CA is now widely available, especially to commercial farmers. Hence, we ask the question, "What is it that we should do to encourage CA adoption among dryland wheat producers in the summer rainfall areas?"

It should be noted that the change from conventional agriculture to CA is not limited to only a change in farming equipment, crop choices for rotation, tillage system and other farming practices. It also requires a change of the human environment and psychological perspective of CA. Shifting to CA requires producers to fully embrace CA, and modify something about the way they view farming, think, feel, or behave.

The human aspect

The problem of low adoption rates of CA among dryland wheat farmers in the Free State should thus be looked at different levels, including the resistance of producers to change towards CA. The need for a change of mindset in the movement towards CA is discussed frequently by CA experts, but there appears to be limited understanding of the causes of the resistance to change, or what needs to be done to change mindsets.

Perhaps the change of mindset should be proposed as the fourth principle of CA, acknowledging that the human aspect is the most critical factor to a successful implementation of change from conventional farming to CA.



We must try and understand some of the possible causes of the dryland wheat farmers' resistance to change towards CA. First and foremost is the issue of 'old habits dying hard'. Wheat producers are comfortable in their traditional farming practice because they have been using it over time and it is a culture they inherited from their forefathers. They worry that changing to CA requires new resources e.g., no-till planters which they are not familiar with, new knowledge and skills. They feel insecure about CA and are sceptical about the short-term economic implications of CA.

Interventions are required to help overcome the producer's fears and resistance to change. Some possible strategies include more education about why CA is a must, as well as involving wheat producers in the planning, design and implementation of CA so that their reservations get ironed out through interacting with CA experts.

Producers should probably also be given ample time to adopt the practice through CA experimentation on their farms without putting pressure on them. Those producers who have successfully implemented CA on their farms should then be encouraged to share experiences

with others, as seeing is believing.

Most importantly, wheat producers should also be given a platform to raise their frustrations, fears and complaints about CA so that experts can address all their concerns and make CA more attractive to them. In this regard, funding of organisations that could play an important part in CA promotion and training, such as the Agricultural Research Council-Small Grain in Bethlehem, should be increased.

Part of addressing these challenges may also include the provision of incentives or special benefits to encourage hesitant farmers. ♣

Jong wenners is "die beste van die oes"

Gerhard Bruwer (40) van die plaas Genade Boerdery in die Douglasdistrik in die Noord-Kaap is vanjaar se Toyota SA/Agri SA se Jongboer van die Jaar.

Bruwer boer onder meer met koring, gars, sonneblom vir saad, mielies, aartappels, pekanneute, uie en grondbone. Sy gediversifiseerde boerderyvertakkings sluit ook beeste, lusern en druiwe in. Bruwer skryf sy sukses toe aan sy ondersteuningsnetwerk en sy plaaswerkers.

Die suksesvolle hops- en proteaboer Beverley Joseph van die plaas Zelpy naby George die Wes-Kaap, het die Toyota SA Nuweoes-toekenning ingepalm. Joseph het ná die aankondiging in Johannesburg gesê haar reis as 'n vrou of bruin persoon wat toegang tot hierdie bedryf probeer verkry het, was moeilik, maar nie uniek nie. Sy het gesê haar liefde vir landbou maak dit nie moeilik om sog-

gens op te staan en met haar dagtaak te begin nie.

Jaco Minnaar, voorsitter van Agri SA, het na afloop van die geleentheid gesê die deelnemers aan albei kompetisies is van hoogstaande gehalte en 'n toonbeeld van landbou se toekoms. Bruwer en Joseph het elkeen met 'n splinternuwe Toyota Hilux-enkelkajuitbakkie wegger.

Dit is vanjaar die sewentiende jaar dat die Jongboer-kompetisie deur Toyota SA geborg word. Boere van 40 jaar en jonger wat minstens twee jaar lank 'n opbetaalde lid van hul provinsiale landbou-organisasie is, kan inskryf. 'n Wenner word uit elke provinsie gekies, waarna hulle finaliste is in die Jongboer van die Jaar-kompetisie.

Volgens Minnaar word die beoordeling uiters professioneel gedoen.

"Ons is baie trots op Bruwer. Al die deelnemers is jongboere om op trots te wees en ek doen 'n beroep op hulle om hulself vorentoe beskikbaar te stel as leiers in die georganiseerde landbou en hul gemeenskappe," het Minnaar gesê.

"Joseph se sukses is 'n voorbeeld van wat deur harde werk en deurstellingsvermoë bereik kan word. Dit is duidelik dat al die deelnemers aan die Jongboeren Nuweoes-kompetisie nie net werkskeppers is nie, maar ook die belang van hulle werkers baie ernstig opneem."

Bruwer is aktief betrokke by georganiseerde landbou. Hy dien in die bestuur van verskeie landbouorganisasies, soos Douglas se Landbou-unie, Graan SA, Oranjeval Watervereniging en sy boerevereniging. Bruwer is voorsitter van Graan SA se grondboneforum. Hy en sy vrou Liezel het drie kinders. ♣

Hoekom is dit belangrik om plaaginsekte korrek te identifiseer?

*William Shakespeare het gevra
"What's in a name? That which we
call a rose by any other name
would smell as sweet."*

*Romeo and Juliet by
William Shakespeare, CA 1600.*

Voedingskade van die sojaboon-landmeter ("looper") (Lepidoptera *Chrysodeixis includens*) op sojabone.

Foto verskaf.

Wanneer dit by die identifikasie van plaaginsekte kom is baie inligting in 'n naam opgesluit. Insekte is lede van 'n groep diere wat saam in die klas Insecta voorkom. Die klas Insecta word verder verdeel in Ordes en dit word opgedeel in verskillende Families. Die Families bestaan uit verskillende Genus en spesies. Die Genus- en spesies-naam word ook die wetenskaplike naam genoem en word algemeen gebruik om die spesifieke insek korrek te identifiseer.

Astrid Jankielsohn

LNR-KLEINGRAAN

Algemene name word ook gebruik, maar die probleem met algemene name is dat dit in verskillende wêrelddele en selfs streke verskil. Algemene name wissel ook soms afhangende van die gewas waarop die insek voorkom. Een insek kan dus verskillende algemene name hê, wat verwarrend kan wees.

Wetenskaplike name word universeel aanvaar en verander nie. Die hoof-insek-orde waarin plaaginsekte voorkom is Coleoptera (kewers); Diptera (vlieë); Hemiptera (plantluise en besies); Homoptera (bladspringers); Lepidoptera (skoelappers en motte) en Thysanoptera (blaaspootjies).

Wat is 'n plaaginsek?

'n Plaaginsek is nie 'n biologiese eenheid nie en 'n insek word geklasifiseer as 'n plaag op grond van die assosiasie met die spesifieke omgewing. In 'n woud in die natuur word 'n termiet byvoorbeeld beskou as 'n voordelige organisme, wat as ontbinder optree, terwyl dieselfde termiet as 'n ekonomiese plaag beskou word wanneer dit in menslike strukture voorkom.

Soms word net die teenwoordigheid van 'n insek op 'n gewas as 'n probleem beskou. Daar moet egter onderskei word tussen direkte ekonomiese skade en indirekte skade. Hier speel die gewas se groeistadium en die voorkoms van die insek in sekere stadiums, insek se voedingswyse, asook die hoeveelheid

insekte en druk 'n groot rol.

Wanneer die insek voorkom op dele van die plant wat nie as voedsel geoes word nie en die insekdruk is nie hoog nie, sal die ekonomiese skade minimaal wees. Wanneer daar egter 'n hoë druk van insekte in 'n kwesbare groeistadium van die plant voorkom kan dit die plant se groei soveel beïnvloed dat dit opbrengsverlies en ekonomiese skade tot gevolg sal hê. Sommige insekte is in klein getalle meer skadelik as ander.

Kennis van die insek se identiteit, biologie en spesifieke voedingsmetodes sal ons in staat stel om te onderskei tussen 'n skadelike en onskadelike insek. Die insek se lewens stadium is ook belangrik. Sommige insekte is in die larwale stadium skadelik terwyl die volwassene

Voeding van die Russiese koringluis (Hemiptera Diuraphis noxia) veroorsaak wit strepe.
Foto verskaf.



glad nie skadelik is nie en selfs voordelig kan wees, of andersom. Met al hierdie inligting kan verdere aksie beplan word om ekonomiese skade te beperk.

Soort insekskade

Insekte het hoofsaaklik kouende monddede wat dele van die plant afbyt, of steek-suigende monddede wat in die plant ingestek word en plantsappe uit-suig. Die algemeenste en maklik sigbare voedingskade is wanneer die insek dele van die plant, hoofsaaklik blare, afbyt. Insekte wat op hierdie manier voed, sluit larwes in die orde Lepidoptera (skoenlappers en motte) en volwassenes en larwes in die orde Coleoptera (kewers) in.

Sommige insekte is bladmyners en maak tonnels in die blaar sonder om die buitekant van die blaar te beskadig. Insekte wat op hierdie manier voed is hoofsaaklik larwes in die ordes Lepidoptera en Diptera. Ander is stamboorders, wat in die stamme boor en gewoonlik groter afstande beweeg en meer skade aan die plant veroorsaak as bladmyners. Stamboorders sluit larwes in die orde Lepidoptera en Coleoptera in.

Die skadelikste insekte met kouende monddede is dié wat op die reprodus-tiewe stadiums van die plant voed, soos op blomme en sade. Sommige insekte het lang, buisagtige monddede wat hulle in staat stel om die plant te penetreer en op die plantsappe te voed. Insekte in die orde Hemiptera en Homoptera

(bladspringers) voed op hierdie manier en sluit plantluis in.

Voeding deur insekte met steek-suigende monddede veroorsaak verkleuring of vervorming van die blare omdat die insekte nie net plantsappe verwyder nie, maar gedurende hul voeding ook verteringsensieme en toksiene in die plant afskei. 'n Algemene reaksie is chlorosis of vergeling.

In die geval van die Russiese koringluis veroorsaak die voeding wit strepe op die blaar en die (op)rol van blare. Hierdie soort skade veroorsaak 'n beperking van groei en ontwikkeling van die plant en kan opbrengsverliese tot gevolg hê. Hierdie soort insekte kan dikwels ook plantsiektes oordra.

Identifikasie van plaaginsekte

Drie beginsels moet in gedagte gehou moet word wanneer 'n insek geïdentifiseer word:

- Insekte kan maklik gegroepeer word gebaseer op die vorm en voorkoms van hul antennae, vlerke, pote en soort monddede.
- Gedrag is net so belangrik soos voorkoms om insekplae te onderskei. Belangrike inligting wat in aanmerking geneem moet word, is waar en wanneer die insek voed, die voorkoms van sydrade en waar eiers gelê word.
- Klein besonderhede is belangrik om na op te let. Kyk sorgvuldig na die

insek en neem ook die soort voeding-skade in ag. Versamel die insek wat geïdentifiseer gaan word versigtig. Sommige dele van die insek is soms krities om dit korrek te kan identifiseer en dit is gevolglik nodig om sover moontlik die insek in sy geheel te versamel sonder om enige deel te breek.

Dit is belangrik om die insek wat op die gewas voorkom korrek te identifiseer om onnodige koste van beheer te vermy en ook om die korrekte beheer in die regte stadium te bepaal om verliese tot die minimum te beperk. Skade op plante word dikwels oorskot en geen beheer is nodig omdat hierdie skade nie tot ekonomiese verliese sal lei nie. Andersins word skade soms onderskat en dit wat aanvanklik nie kommerwekkend lyk nie kan tot groot ekonomiese verliese lei. Soms voed die teenwoordige insekte glad nie op die gewas nie, maar is voordelige predatore, ontbinders of bestuiwers.

Hierdie probleme kan vermy word deur soveel inligting as moontlik te versamel en die insek korrek te identifiseer. Entomoloë is opgelei om hierdie taak te verrig indien hulle die korrekte en volledige inligting het.

Produsente met enige navrae of opmerkings kan dr Astrid Jankielsohn by LNR-Kleingraan kontak: Tel: 058 307 3431; Sel: 082 564 3795; e-pos: jankielsohna@arc.agric.za . 🐜

Local wheat quality examined

- Whole wheat protein average decreased
- Super grade: 60% originated from the irrigation areas and 40% from the Free State
- 1 000 kernel mass increased
- Average falling number was higher than last season's average and slightly higher than the ten-year weighted average value.

Jolanda Nortjé

THE SOUTHERN AFRICAN GRAIN LABORATORY NPC

The 2020/21 season's survey provided the results of the twenty-third annual wheat crop quality survey performed by the Southern African Grain Laboratory NPC (SAGL). Due to a reduced amount approved for funding of this project, the number of samples analysed for the purpose of this survey, had to be decreased to 250 individual samples, 49 composite samples per class and grade and 30 samples for mycotoxin analyses. No amino acid profile analyses were conducted this season. The samples were selected to provide as best possible a proportional representation of the production of wheat in all the different production regions.

Mycotoxins

The ISO/IEC 17025:2017 accredited multi-mycotoxin assessments included in the annual wheat crop quality survey for the past ten seasons, provide the most comprehensive overview of the multi-mycotoxin risk in commercial wheat produced and delivered to commercial grain storage companies in South Africa. Between 10% and 20% of the wheat crop samples were selected each season to proportionally represent the various production regions.

The absence of Aflatoxin B₁, B₂, G₁, G₂, Fumonisin B₁, B₂, B₃, Ochratoxin A, T2-toxin and HT-2 toxin in the wheat samples over the past ten seasons were confirmed in the 2020/21 season. No Zearalenone residues were detected this season. The Deoxyniva-

lenol prevalence this season is the highest of the past ten seasons with 43% of the samples (13 out of 30 samples) testing positive for Deoxynivalenol residues. The average value of the positive results was 891 µg/kg (ppb) and the highest value measured 3 088 µg/kg. Last season, six out of 40 samples (15%) tested positive for DON residues with an average value of 300 µg/kg (ppb), the highest value measured was 1 017 µg/kg. The average percentage of samples that tested positive (values higher than the limit of quantification of 100 µg/kg) over the previous nine seasons is 14% and ranges from 2,5% to 25% (Table 1).

According to Government Notice No. 987 of 5 September 2016, cereal grains (wheat, maize and barley) intended for further processing, may not contain more than 2 000 µg/kg of Deoxynivalenol. Two of the positive residue levels measured this season exceeded this national maximum allowable level and were measured on two Super Grade samples originating from regions 10 (Griqualand West) and 11 (Vaalharts) respectively.

On-going monitoring and continued research on the prevention and mitigation of mycotoxin contamination are of the utmost importance. Application of good agricultural practices and storage conditions as well as effective mycotoxin risk management programmes are essential elements in preventing the negative effects of mycotoxins.

Wheat grades

According to the regulations detailed in Government Notice NO. R. 1547 of 29 November 2019, the classes of wheat are Bread Wheat and Other Wheat. The grades for Bread Wheat are Super Grade, Grade 1, Grade 2 and Grade 3. No grades are determined for Class Other Wheat.

The 250 representative crop samples received in the 2020/21 season were graded as follows: 28% was graded Super Grade, 14% was graded Grade 1, 12% was graded Grade 2, 12% was graded Grade 3 and 34% Class Other Wheat (COW) (Graphs 1 and 2).

Most samples that were downgraded had more than one grading parameter below the minimum value required and/or higher than the maximum permissible deviation. 57% of the downgraded samples originated from the Western Cape, 28% from the Free State and 15% from the irrigation areas.

Of the 85 samples received that were downgraded to COW

- 9% had a protein content lower than 9,5%;
- 13% had falling number values below 220 seconds;
- 11% had hectolitre mass values below 76 kg/hl;
- 35% had screenings levels higher than 3%;
- 40% had other grain and unthreshed ears levels higher than 1%;
- 12% had insect damaged kernels levels higher than 2%;
- 24% had total damaged kernels levels higher than 2%;
- 36% had combined/collective deviation levels exceeding 5%; and
- 19% had field fungi levels higher than 2%.

Single samples reported sprouted kernel and storage fungi percentages exceeding the maximum permissible deviation or

Table 1

Season	% samples with DON	DON average of positive samples, µg/kg	DON max concentration, µg/kg
2011 - 2012	15	115	119
2012 - 2013	25	187	380
2013 - 2014	2,5	151	151
2014 - 2015	12,5	229	361
2015 - 2016	10	397	593
2016 - 2017	10	289	501
2017 - 2018	17,5	202	570
2018 - 2019	12,5	217	361
2019 - 2020	15	300	1017
2020 - 2021	43	891	3088



Crucibles containing wheat flour samples awaiting analysis for the determination of the nitrogen content. The nitrogen content is converted to crude protein content by multiplication with a factor of 5,7.

Photo: SAGL.

the presence of poisonous seeds, undesirable odours and live insects.

40% of wheat samples originating in the Free State were graded Super Grade. 60% of the wheat samples from the irrigation areas and 7% of wheat samples from the Western Cape Province graded Super Grade. See Graphs 1 and 2 for the percentages of crop quality samples per class and grade during the 2019/20 and 2020/21 seasons.

Quality results


The national whole wheat protein average decreased from 12,9% in the previous season to 12,0%. The ten-year national average is 12,1%. The percentage samples from this crop survey with a protein content equal or higher than 12,5% (minimum protein content for Super Grade) was 42% (64,2% last season). The Summer rainfall and Irrigation areas of the Free State reported the highest whole wheat protein average, namely 13,5%. The production regions in the Winter rainfall area of the Western Cape averaged 10,9% and the Irrigation areas 12,9%.

Flour protein content averaged 11,2% this season, 0,7% percent lower than the previous season. The protein content is reported on a 12% moisture basis.


The average hectoliter mass of 78,9 kg/hl equaled that of the previous season and is also the joined lowest average reported over the last eleven seasons, when the use of an instrument that complies to ISO standard 7971-3 (e.g., Kern 222) became compulsory. The ten-year national average is 80,4 kg/hl. 25 samples (10%) reported values below the 76 kg/hl minimum level for Super grade, Grade 1 and Grade 2 wheat, of these 11 samples originated in the Western Cape (Winter rainfall area), 13 in the Free State and one in KwaZulu-Natal. Regional averages ranged from 77,8 kg/hl in the Free State and 78,1 kg/hl in the Western Cape to 80,9 kg/hl in the Irrigation areas.

The 1000 kernel mass, reported on a 13% moisture basis, increased from 35,6 g last season to 38,2 g this season. The 2018/19 season's average was 39,2 g. Averages over production areas varied from 36,7 g in the Summer rainfall and irrigation areas of the Free State to 37,4 g in the Irrigation areas and 39,2 g in the Winter rainfall areas.

The weighted average percentage screenings obtained with a 1,8 mm slotted sieve was 1,63%, compared to the 1,92% and 1,49% of the previous two seasons respectively. The Summer rainfall and Irrigation areas reported the highest average



Graph 1: Percentage of samples per Class and grade in the 2019/20 season according to the current grading regulations



Graph 2: Percentage of samples per Class and grade in the 2020/21 season according to the current grading regulations

percentage, namely 2,16% and the Irrigation areas the lowest of 1,07%. 31 (12%) of the 250 samples exceeded the 3% maximum permissible screenings level for Super grade to Grade 3. Most (55%) of these samples originated in the Western Cape.

The average falling number this season was 372 seconds, higher than the 353 seconds of last season's average and slightly higher than the ten-year weighted average value of 369 seconds. 6,4% (16) of the samples analysed gave falling number values below 250 seconds and of these, 11 (4%) were below 220 seconds and were downgraded to COW as a result. These samples originated mainly from the Free State (N=8), with one sample each from Mpumalanga, North West and KwaZulu-Natal.

Last season 8% of the samples analysed as part of the survey was downgraded to COW due to a low falling number. The highest regional average falling number value of 401 seconds this season, was reported for the Western Cape and the lowest, namely 302 seconds, for the Free State. All falling number values reported, are corrected for the altitude at which the test is performed.


The weighted mixogram peak time on flour milled on the Quadromat Junior mill averaged 3,2 minutes compared to the 3,0 minutes of the previous season and the 2,9 minutes of the ten-year average. The weighted mixogram peak time of the flour from the Bühler mill was 2,9 minutes, compared to the 2,6 minutes of the previous five seasons.

The wet gluten content (14% mb) averaged 29,9% and the dry gluten, also on a 14% moisture basis, 10,1%. The previous season, these values averaged 31,1% and 10,6% respectively. The farinograph analyses resulted in an average water absorption of 59,3% (60,2% the previous season). The average al-

TO PAGE 20


Local wheat quality examined

FROM PAGE 19



Graph 3: Protein content distribution over the last three seasons.

veogram strength was 38,3 cm² compared to the 42,6 cm² of the previous season and the average extensogram strength also decreased from 112 cm² in the previous season to 99 cm². The lower rheology values this season are expected given the lower



Graph 4: Protein content distribution between the three production areas during the 2020/21 season.

average protein content compared to the 2019/20 season.

All national, seasonal and regional averages provided in this report are weighted averages.

For detailed results on this and all other quality testing performed on the survey samples, please refer to the SAGL website, www.sagl.co.za. The reports are also available in an easy-to-page format. 📄

With gratitude to the Winter Cereal Trust for financial support of the annual crop and import surveys, to Agbiz Grain members for providing the crop samples as well as DALRRD inspectors at the harbours for providing representative samples of each shipment of imported wheat.

Imported wheat quality examined

Jolanda Nortjé

THE SOUTHERN AFRICAN GRAIN LABORATORY NPC

During the 2019/20 season, 1 889 868 tons of wheat were imported from 28 September 2019 to 25 September 2020. This figure is 38% higher than the amount of wheat imported during 2018/19. The ten-year import average is 1 669 632 tons. 57% of the wheat imported for local use during the 2019/20 season, originated in Poland (29%) and the Russian Federation (28%).

A total number of 195 samples of imported wheat drawn by inspectors of the South African Agricultural Food, Quarantine and Inspection Services of the Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development were received at the Southern African Grain Laboratory (SAGL) for analysis.

Samples from the following ten countries were received (number of samples received in brackets):

- Canada (11)
- Finland (2)
- Germany (31)
- Latvia (8)
- Lithuania (28)
- Poland (45)
- Russian Federation (48)
- Ukraine (8) and
- USA (14).

The country of origin and vessel information of all samples received are verified against information received from the South African Grain Information Service (SAGIS).

Hectolitre mass is an important grading factor that also provides an indication of flour extraction potential. Four per cent of the samples had hectolitre mass values below 76 kg/hl, which is the minimum requirement for South African Super Grade to Grade 2 wheat. These samples originated from

mainly Poland and Latvia.

Screenings represent all material that passes through a standard sieve (1,8 mm), with 3% the maximum allowed for Super Grade to Grade 3 according to RSA grading regulations. When comparing screening results originating from different countries, it is important to keep in mind that sieve aperture size and shape as well as sample preparation procedures vary between countries. Samples from the Ukraine, Russian Federation, USA and Poland reported the highest levels of screenings.

None of the samples reported falling number results below 220 seconds and all the country averages were well above 300 seconds. The RSA national average for the same season was 353 seconds.

Composite samples of holds per shipment per country were tested for the presence of mycotoxin residues by means of a multi-mycotoxin analysis. The mycotoxin residue levels detected on the composite samples did not raise any major concerns. Most samples tested negative for all the mycotoxins analysed (Aflatoxin B₁, B₂, G₁, G₂, Fumonisin B₁, B₂, B₃, Deoxynivalenol, 15-ADON, HT-2 Toxin, T-2 Toxin, Zearalenone and Ochratoxin A). Deoxynivalenol was the only mycotoxin found to be present on some of the samples. All these positive results were well below the national maximum allowable level of 2 000 µg/kg for cereals intended for further processing.

Detailed results of imported wheat samples per season and country are updated on a quarterly basis and are available on the SAGL website. The results of the 142 samples analysed to determine the quality of the 2020/21 season's imported wheat are also available and will be included in the 2021/22 wheat crop quality report. 📄

SÓVEEL PRODUKTE UIT KORING VERVAARDIG



Sanet Naudé en Nico Hawkins

SA GRAANINLICHTINGSDIENS

Koringmeel

Vanaf 1 Oktober 2020 tot 31 Augustus 2021 is:

- 3 083 400 ton heekoring in die tydperk van elf maande gemaal.
- 2 469 042 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig. **Tabel 1** toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.
- 26 024 ton koringprodukte ingevoer en 19 093 ton uitgevoer.

Panbrood

- Vir die tydperk van elf maande is 2,2 biljoen panbrode gebak (0,60% minder as in dieselfde tydperk van verlede jaar). Dit is 197,5 miljoen brode per maand of 45,3 miljoen brode per week.
- **Tabel 2** toon die vergelykende hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.
- Hoewel die persentasie Ander brood op 'n jaargrondslag 39,27% minder is, het dit bykans geen verandering in die totaal van brode gebak nie.
- **Figuur 1** toon die totale getal tipe brode vervaardig en **Figuur 2** toon die totale getal brode per gewig.

Volgens Statistieke SA het witbrood van 'n 700 g in September 2021 R15,27 gekos. Dit is 1,60% duurder as in September 2020. 'n Bruinbrood van 700 g het R13,23 gekos, wat 4,41% goedkoper is as 'n jaar gelede.


Meer inligting kan op SAGIS se webtuiste verkry word by: www.sagis.org.za/products.

Tabel 1. Koringprodukte per maand vervaardig.


Rapportering volgens heelgraan-bemarkingseisoen: Okt - Sep	2019/20 Okt '19 - Sep '20 (12 maande)	2019/20 Progr. Okt '19 - Aug '20 (11 maande)	2020/21 Progr. Okt '20 - Aug '21 (11 maande)	% Jaar op jaar
Vervaardig (ton)				
Koekmeel	1 016 500	927 947	906 403	-2,3
Bruisemeel	19 179	17 354	16 587	-4,4
Witbroodmeel	1 174 102	1 076 420	1 144 139	6,3
Bruinbroodmeel	396 342	365 550	285 845	-21,8
Ander meel (Industrieel)	124 713	112 977	105 787	-6,4
Volkoringmeel	8 072	7 344	6 135	-16,5
Semels	703 550	643 052	622 508	-3,2
Semolina	4 138	3 710	4 146	11,8
Totaal produkte	3 446 596	3 154 354	3 091 550	
Totaal heekoring gemaal	3 455 477	3 155 421	3 083 400	

Tabel 2. Pangebakte brode.

	2019/20	2019/20	2020/21	% Jaar op jaar
	Totaal Okt '19 - Sep '20 (12 maande)	2019/20 Progr. Okt '19 - Aug '20 (11 maande)	2020/21 Progr. Okt '20 - Aug '21 (11 maande)	
Eenhede				
Witbrood	1 140 492 068	1 047 042 061	1 060 955 038	1,33
Bruinbrood	1 216 801 937	1 112 516 425	1 087 079 152	-2,29
Heelgraan	26 664 807	24 408 995	23 537 803	-3,57
Ander	2 079 270	1 949 060	1 183 627	-39,27
Groototaal	2 386 038 082	2 185 916 541	2 172 755 620	-0,60



Figuur 1. Eenhede pangebakte brood volgens soort, Okt 2020 – Aug 2021.



Figuur 2. Eenhede pangebakte brood volgens gewig, Okt 2020 – Aug 2021.

Renewed focus on wheat farmers and plant potential

Sensako has roots going as far back as 1958 but the local seed company got two major injections in the past two decades. First was new vigour with the management buy-out that took place in 2008, followed in 2020 by Syngenta's acquisition Sensako.

Mariana Purnell

EDITORIAL CO-WORKER

The management buy-out of Sensako in 2008 brought a renewed focus on wheat breeding which established the company firmly as a major role player in the provision of certified seed to wheat producers, therefore guaranteeing genetic variety, purity and identity.

With the 2020 acquisition by the multi-national agricultural company Syngenta, the Sensako wheat breeding programme stands to benefit greatly from the direct access to Syngenta's broad international germplasm bank and cutting-edge technologies as well as hybrid wheat technology.

The team plans to maintain the number one position in wheat breeding in the country under the leadership of Dr Francois Koekemoer, Director: Research and Development at Sensako, who was nominated in 2020 as one of the twenty most influential plant breeders in Africa by the Southern African Plant Breeders' Association (SAPBA).

Sensako already boasts a 60 year-long and proven history in the seed industry, especially with the breeding of hybrid wheat, and it has taken a leading role in in the release of new varieties. According to the South African Cultivar Technology Agency (SACTA), Sensako presently has a wheat market share in excess of 70%. The wheat breeding programme, which is based at the two Sensako research stations namely Bethlehem (Free State) and Napier (Western Cape), has produced 70% of the recent provisional and final wheat cultivar releases.

Wheat production

The South African wheat industry has seen a reduction in the area planted over the years, from 1,5 million ha in 1990 down to 496 350 ha in 2016/17 (**Figure 1**). Although planted wheat hectares have dropped, absolute domestic wheat production has remained more or less constant and stands at about 50% of what is utilised per annum for processing.

Whilst the increase in yield can be attributed to changes in agricultural practices and the removal of lower yielding fields from production, genetic advancement has also contributed significantly to this gain. Despite the breeding focus on milling and baking quality, wheat production per hectare has soared by 600% over the last 50 years with increased yields from about 0,5 tons per hectare in the 1970's to 3,5 tons per hectare today.

In 2020/21, South Africa produced less than 0,27% of the global production, of which almost 52% occurred in the Western Cape and 42% under irrigation. Dry land conditions in the Free State contributed 7% of the crop, down from 12% in 2014.

There are two main reasons for the decline in the South African wheat plantings: a structural change in the local grain market, and constraints by the strict quality (rheological and baking characteristics) requirements to commercially release a cultivar.

Structural change in the wheat market

A structural change occurred when producers realised that soybean and maize crops, both with new technology and genetics providing resistance to herbicides and insects, give better returns. In addition to this, the doubling of soybean crushing capacity in South Africa spurred local plantings and opened up a market gap for additional soybean hectares. This is especially true in the Free State where rainfall is lacking at critical times of the wheat growth stage due to a seasonal shift in rainfall or climate change. It is an indication that wheat, in the future, may only be grown in the Western Cape and under irrigation.

Quality requirements for commercially cultivars

In recent years, the publicly funded Agricultural Research Council-Small Grains (ARC-SG) and the two private South African wheat breeding programmes (Sensako and Pannar) have pursued improved grain quality (milling and end-user standards) and to a lesser extent pest resistance and grain yield.

Since quality and yield are inversely proportionate, this approach, dictated by the original evaluation norms for new cultivars, led to a decline in the breeding of competitive wheat cultivars to the detriment of producers. Fortunately, this set of requirements – *The Analysis Procedure and Evaluation Norms for the release of Bread Wheat Breeders' Lines*, has been in review since 2016 as part of the wheat industry turnaround strategy and should enable a more balanced approach when evaluating new wheat cultivars. The Wheat Forum Cultivar and Technical Committee has replaced the Winter Cereal Trust (WCT) Cultivar Assessment Committee and subsequently implemented the new approach to wheat breeding.

Due to the complex genetic properties of wheat and its characteristic self-pollination, other factors such as heat tolerance or water-use efficiency have potentially been overlooked as less significant for meeting producers' needs when compared to wheat yield gains and meeting strict quality standards.

Although South African wheat has traditionally been bred for quality characteristics, the new approach will include potential adaptation strategies to address weather and climate volatility. In order to achieve climate resilience in wheat production and breeding, it will be important to evaluate genotype × environment interactions to measure the heterogeneity of heat effects across cultivars. The ultimate aim of wheat breed-




Figure 1. One hundred years of wheat production in South Africa (SAGIS) shows a sharp decline in hectares but a subsequent rise in yield.

ing programmes in South Africa may thus focus on combining heat tolerant cultivars with the more recent higher yielding cultivars. Moreover, increased adoption of irrigated wheat could potentially help maintain yields under warming scenarios.

Sensako breeding programme

Sensako has outlined its approach to enable wheat producers to reduce the effects of global climate change. In addition to improved yield, there will be a requirement for good agronomic adaptation to growing conditions with tolerance to high temperatures. The extensive heterogeneity across cultivars for both mean yields and the effects of heat exposure will thus be measured to test genotype \times environment interactions.

Nitrogen use efficiency will be very important in order to keep input costs down and lodging resistance (solid stem trait) will reduce crop losses.

Disease resistance remains important. Diseases such as rusts evolve to overcome existing resistance in plants and new strains are constantly being discovered (such as UG99). Numerous collaborative projects are underway to overcome various kinds of rust, fusarium head blight, take-all, bacterial blight and powdery mildew.

Varieties that can respond to lower inputs will be important for producers as the price squeeze on staple crops continue. Nitrogen efficiency and a short growing period is vital, because in the irrigation areas this enables a double crop and reduces water and electricity utilisation.

In addition, Sensako's breeding programme is also aimed at high-end use quality for the milling and baking industries. It is, however, acknowledged that the application of widened quality criteria will go hand in hand with an increase in yield. All such varieties must yield at least 5% more than current commercial bread wheat varieties.

Benchmarking and new standards

A benchmark has been set for newly identified higher yielding wheat lines by determining the yields of the top three high-yielding commercial varieties over the last 3 years in each of the wheat producing areas of South Africa. In future, the yields of these varieties will be determined on an annual basis.

Yield data for higher yield lines must originate from replicated trials when lines are tested – four replications in the Winter Rainfall and Dryland Free State areas, and three replications in the irrigation areas. The quality evaluation from five trial sites will be considered when the yield level of the varieties

is evaluated. The Wheat Forum Cultivar and Technical Committee is adamant that local wheat quality will be maintained. The yield performance of the lines considered for release must be at least 5% significantly higher than the average of the three pre-determined commercial (bench-marked) varieties.

Producers will benefit greatly from this change in release criteria. A 1% yield increase resulting from breeding will have a huge return on investment to producers. Not only will the additional yield lead to an increase in the volume of locally produced wheat, it would also reduce the impact of the ever-increasing tariff on wheat imports, since the higher local wheat production will lead to less imports and thus less payments towards the wheat import tariff.

Sensako has entered into an agreement with the National Institute of Agricultural Botany (UK) to become part of a research project aimed at overcoming yield limiting factors in South Africa by using modern breeding techniques. This programme focuses on selecting plant root systems able to produce higher yields under stress conditions.

Sensako has also applied to become part of the wheat breeding research done at the Agricultural Research Council in Australia. This research project uses modern breeding techniques to develop wheat varieties that can overcome production stress situations. This work will be done on existing South African wheat plant material.

To participate in projects such as this one, a substantial financial contribution has to be made which would not have been possible without the funds from the SACTA breeding and technology levy.

Although many facets of the turnaround strategy will take some time to contribute to producer sustainability and profitability, the focused approach of the Sensako breeding programme that is made possible by SACTA has already benefited producers enormously in the last few seasons.

Relaxation of certain wheat quality criteria

The new terms of reference for wheat breeding being spear-headed by the Wheat Forum Cultivar and Technical Committee is a healthy balance between yield and quality, driven by the free market, dictated by demand. In order to quantify and standardize the yield determination of high yield lines, the breeders of the local breeding companies developed a protocol for determining the yield levels of high yielding varieties.

The effect of wider quality criteria on increasing yield and biological standards for high yielding cultivars are being investigated. Trials to identify high yielding cultivars are planted and evaluated independently. It should be noted that the environment determines the level of "actual" yield as opposed to "potential" yield of a particular wheat cultivar. There was consensus among all the role players that if the minimum and maximum values of the criteria used to classify bread wheat lines are widened to accommodate higher yielding varieties, then the yield of such varieties must be significant and thus all such varieties must yield at least 5% more than current commercial bread wheat varieties.


It is well known that the protein content of wheat is a critical quality factor as it would have an impact on all other quality characteristics. The aim is thus to also include yield as a parameter in all future cultivar trials. This will lead to higher yielding cultivars without losing our competitive edge as far as quality is concerned. ♡

Behandeling gee saad die voorvoet


Celest Top is 'n saadbehandelingsmiddel bestaande uit drie aktiewe bestanddele. Dit het swamdoder- en insekdoder-aktiwiteit sonder om die behandelde saad se ontkieming nadelig te beïnvloed.

Die drie bestanddele is fludioxinil, difenokonasool en tiametoksam.




Fludioxinil is 'n kontakswamdoder wat die saadhuid binnedring en rondom die saad konsentreer. Dit gee langdurige beskerming aan die ontkiemende saad en jong saailing teen grond- en saadgedraagde patogene. Fludioxinil is die beste beskikbare opsie vir die beheer van *Fusarium*.



Difenokonasool word deur die wortels geabsorbeer en sistemies opwaarts in die saailing versprei. Dit beheer 'n wye reeks saadgedraagde siektes, soos losbrand (*Ustilago tritici*) en stinkbrand (*Tilletia caries* en *T. foetida*) in koring. Uitnemende gewasveiligheid en effektiwiteit het difenokonasool een van die markleiers in saadbehandeling gemaak.



Tiametoksam is 'n sistemiese insekdoder wat deur die wortels opgeneem en in die saailing versprei word. Dit bied aan produsente 'n breë spektrum van beheer teen vroeë-seisoeninsekte soos plantluise in gars en het 'n unieke uitwerking op lewenskragtigheid wat wortelgroei en halmvorming bevorder. Dit dra tot beter plantgesondheid en hoër opbrengste by.



Celest Top is 'n uitstekende opsie vir die beheer van *Fusarium*, los- en stinkbrand. Dit lei tot beter vestiging van saailinge en lê die basis vir opbrengs en kwaliteit. Die unieke meganisme van werking van fludioxinil saam met difenokonasool as ideale mengmaat maak dit 'n wenresep vir volhoubare siektebeheer deur middel van 'n saadbehandeling. ♣

Lees die etiket vir volledige besonderhede

CELEST® Top bevat tiametoksam, difenokonasool en fludioxinil (Reg. nr. L10418, Wet nr. 36 van 1947) VERSIGTIG. CRUISER® bevat tiametoksam 350 g/l (Reg. nr. L6288, Wet nr. 36 van 1947) VERSIGTIG. CELEST® Top en CRUISER® is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groepmaatskappy. Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. 011 541 4000. www.syngenta.co.za © Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.



is jou saad in die wieg gelê vir hoër opbrengs?

Hier is 3 redes om jou graan met CELEST® Top te behandel.

-  **Stuur Fusarium planke toe:** CELEST® Top beheer die versteekte gevare van saad- en grondgedraagde Fusarium wat onegalige stand kan veroorsaak.
-  **Omvattende beskerming:** 'n enkele CELEST® Top saadbehandeling beheer 'n wye spektrum insekplae en swamsiektes tydens ontkieming.
-  **'n Hupstoot vir groeikragtigheid:** aangevuur deur CRUISER® tegnologie, verbeter tiametoksam in CELEST® Top die groeikrag van saailinge.*



 **Celest® Top**

syngenta

*onder ideale landbouproduksietoestande.

LEES DIE ETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE.

CELEST® Top bevat tiametoksam, difenokonazol en fludioksanil (Reg. nr. L10418, Wet nr. 36 van 1947) VERSIGTIG.

CRUISER® bevat tiametoksam 350g/l (Reg. nr. L6288, Wet nr. 36 van 1947) VERSIGTIG.

CELEST® Top en CRUISER® is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groepmaatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za

© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @Syngenta SA | www.syngenta.co.za

Agrico T-reeks skeurploeg: Die beste skeurploeg in sy klas

Die T-reeks lewer die mees konsekwente grondprofiel van alle skeurploë ('rippers') op die mark.



Die T-reeks is Agrico se beproefde en gewilde herset-skeurploeg ('ripper') – 'n sterk en betroubare implement vir deeglike grondbewerking en voorbereiding. Gebou as 'n robuuste en betroubare implement, plaaslik ontwerp en vervaardig vir Afrika se growwe toestande, lewer dié grondbreker goeie waarde vir geld en 'n lang lewe.



Stewige ontwerp vir 'n verlengde lewe

Die T-reeks grondbreker het 'n reguit skaar, vervaardig uit hoësterkte materiaal (Roqlast-staal) wat slytasie op tande ver-

minder en 'n lang lewensduur gee. Daarby is alle skare stewig aan die tande vasgebout, wat voorkom dat 'n skaar afval terwyl dit steeds maklik is om te ruil of te skuif. Die T-reeks is ook die enigste implement in sy klas met terugslag-skokabsorbeërs, vir 'n langer lewensduur.



Veelsydig en akkuraat

Skeur deur die grond met pure krag en wetenskaplike presisie. Die Agrico T-reeks skeurploë maak dit moontlik om grond op verskeie werkdieptes op te breek vir die beste begin van die seisoen.



Agrico implemente

Slegs die beste toerusting om die pad na sukses te ondersteun

Outomatiese herset sonder tydmors

Die T-reeks se skare word tydens werk outomaties herset sonder dat die operateur die trekker se spoed verminder of die implement ophig, ideaal vir grond met groot ingebedde rotse. 'n Optimale geometriese skaarontwerp gee goeie stoppelvloei en bied weerstand teen verstopping. Die implement se skare word met u-boute aan die raam vasgemaak en kan maklik beweeg word vir verstelbare skaarspasiëring.



Elegante en kostedoeltreffende ontwerp

Die T-reeks skeurploeg maak lae brandstofverbruik moontlik weens 'n uiters lae trekweerstand en doeltreffende wegbreekaksie. Dit demonstreer verhoogde beheer en optimale werking.

Spesifikasies

Model	T800	T1000	T1250
Aandrywing per skaar (kW)	± 16	± 25	± 40 - 60
Standaard skaarspasiëring (mm)	400	500	500
Raam se grondvryhoogte (mm)	800	1 000	1 250
Ideale werkdiepte (mm)	250 - 400	400 - 630	600 - 800
Wegbreekkrag (N / kg)	5 600 / 560	7 600 / 760	12 500 / 1 250

Plaaslik ontwerp vir Afrika-toestande

Agrico weet hoe uitdagend Suidelike Afrika se toestande kan wees. Hulle lewer energie-doeltreffende en robuuste toerusting, ontwerp om selfs die mees uitdagende van omgewings te kan hanteer en jare se diens te lewer. Agrico gebruik slegs hoëtrekstaal vir die vervaardiging van implemente se onderdele. Die implemente is eenvoudig en kan hard werk – 'n tawwe masjien om die boer deur elke seisoen te dra.

Waarde vir geld met goeie pryse

Agrico-implemente word in dieselfde Agrico-fabriek vervaardig as Agrico se bekende besproeiingstelsels, gevolglik kan hulle plaaslik-vervaardigde en sterk toerusting teen bekostigbare pryse lewer.

Goeie diens en wydverspreide ondersteuning

Agrico-takke is regoor Suidelike Afrika versprei en 'n kundige is nooit ver nie. Agrico bied vinnige bystand en deeglike naverkopediens en tegnisi is altyd gereed om die boer en Agrico-implemente te ondersteun.

Agrico vertrou sy produkte, die kliënt mag ook

Agrico neem verantwoordelikheid vir sy produkte en sal enige probleme wat mag opduik, oplos. Agrico reik 'n waarborg van een jaar uit met die aankoop van al sy implemente op die hele werktuig, asook 'n waarborg van vier jaar op rame.

Kontak Agrico vir 'n kwotasie

021 950 4111 • sales@agrico.co.za • Hoofkantoor: La Belleweg 1, Bellville, Kaapstad 7535 🐾

Kragreuse se tegnologie op hoë standaard

“Weens ons klein winsgrense moet ek elke pit in my sak kan kry en risiko’s kan bestuur. Hierdie trekkers se tegnologie stel my in staat om risiko’s te bestuur. Dié trekkers is gereedskap wat die boer móét gebruik.” – Johan van Niekerk van Kojo Boerdery, Mpumalanga.

Die spronge wat tegnologie in die wêreld maak vind ook in landbou plaas. Soos bewys is in die suksesvolle aanvaarding en gebruik van geneties- aangepaste graansaad gryp Suid-Afrikaanse landbouers ook voorpuntegnologie aan wanneer hulle meganisatie kies en gebruik. ‘n Maatskappy soos Case IH sorg dat hulle die produkte het waarmee landbouers geen raaiwerk nodig het nie om akkuraat, kostedoeltreffend en gerieflik ‘n noodsaaklike rol in voedselvoorsiening te kan speel.

Tegnologie waarmee ‘gereedskap’ soos Case IH se nuwe Magnum- en Steiger-trekkermodelle beskikbaar gestel word, toegerus met die vervaardiger se AFS Connect™-kommunikasie, open nog meer moontlikhede vir die landbouer, sy operateur en kundige medewerkers.

Saam met kostedoeltreffende kraglewering en betroubaarheid van masjinerie, speel akkuraatheid vir presisieboerdery ‘n groter rol in moderne graanproduksie. Boonop bevat hierdie trekkers se tegnologie ook kontrolestelsels waarmee alle funksies sonder verdragings gemonitor kan word, hetsy in die gerieflike kajuit of van ‘n afstand af.

Magnum™ AFS Connect™

Benewens ‘n nuwe styl en beligting in die Magnum se voorkoms, is sommige van die belangrikste opgraderings binne-in die kajuit. Dit lei tot ‘n trekker wat die bestuurder en eienaar help om boerderybedrywighede te bestuur met nuwe vlakke van presisie en verbinding.

In 1995 het AFS (Advanced Farming Systems) ‘n maatstaf vir presisieboerdery gestel. Case IH se telematiese oplossing, AFS Connect®, is nou ‘n integrale deel van die nuwe Magnum, daarom word AFS Connect® deel van die trekker se naam.

Die Magnum-reeks is uitgebrei met die bekendstelling van die Magnum 400, toegerus met ‘n PowerDrive-ratkas vir nog swaarder en meer veeleisende gebruik. Hierdie model bied 298 kW met ‘n maksimum van 324 kW.

Volgens Case IH se internasionale produkbestuurder vir Magnum, Aron Oechsner, het ontwikkeling vir die nuwe trekker begin toe ondersoek ingestel is na gebruikers se behoeftes in hierdie klas en grootte trekker.

“Boere oor die hele wêreld is betrek. Dit was ‘n oefening wat personeel, vervaardigings-, bemarkings- en gehaltestandaard behels het sodat hulle idees kon uitruil en vergelyk oor wat in verskillende lande en wêreldwyd belangrik is.”

Die Magnum se vermoë om inligting en stelsels met mekaar te verbind, is die grootste opgradering in die nuwe reeks. Daarmee is ‘n gladde, onmiddellike oordrag en opname van trekker-



Twee boerderye wat Case IH se produkte gebruik en met lof daarvan praat, is Kojo Boerdery by Amersfoort en Zunckel Farms met plase in KwaZulu-Natal en die Vrystaat. By die bekendstelling van die nuwe modelle was Arno du Plessis van Case IH, Johan van Niekerk van Kojo Boerdery, Tyson Zunckel van Zunckel Farms en Jacques Taylor, besturende direkteur van Case IH. Agter hulle is ‘n nuwe Steiger 400 AFS Connect™.

data in die herontwerpte kajuit moontlik. Dit sluit alles in, van die ligging van die masjien tot die verrigting daarvan en wat dit benodig, soos brandstof of ‘n behoefte aan onderhoud.

Inligting word draadloos oorgedra en plaaseienaars en bestuurders kan gekose inligting met derdepartye van hulle keuse deel, soos met ‘n landboukundige en die trekker se dienshandelaar. AFS Connect-tegnologie maak dit ook moontlik om die AFS Pro 1200-skerm van die trekker op ‘n afstand te monitor.

Bekende kenmerke is in die kajuit behou, soos die inligting-skerm in pilare en die kontroles in armeleunings. Nuwigheide is onder meer die roterende sitplek en beter lugversorging.

Die reeks vir Suider-Afrikaanse markte sluit die volgende modelle in: Magnum 280, Magnum 310, Magnum 340, Magnum 380 en Magnum 400. Almal het ‘n sessilinder turbo-aangedrewe enjin van 8.7 liter met onderverkoeling.

Die Magnum™ AFS Connect™ 340, 380 en 400 kan ook aangepas word as agterspoor Rowtrac.

Steiger- en Quadtrac-geartikuleerde 4WD trekkers

Case IH se nuwe Steiger- en Quadtrac AFS Connect™-trekkers sluit 12 modelle in met enjinkrag wat wissel van 298 kW tot 447 kW. Die Steiger AFS Connect™ met wiele is beskikbaar in 298 kW tot 447 kW, insluitend drie spesiale skrapeer-weergawes. Die Quadtrac AFS Connect se krag wissel tussen 335 kW en 447 kW. Die Quadtrac 600-model se kraglewering is ‘n enorme 499 kW op sy piek. Verskeie opgraderings is beskikbaar, soos ‘n herontwerpte kajuit vir groter gemak, asook ingeboude AFS Connect.

Altwee reekse het groter brandstoftanks. Om die bedryfskoste te verlaag en toerusting op lande te hou hoef olievransending en onderhoud met tussenposes van 600 uur gedoen te word. ♣

Argo Tractors belê in moderne fasiliteite in Suid-Afrika

Godfried Heydenrych,
Argo Industrial se
besturende direkteur.



Argo Tractors en hul verspreider Argo Industrial, verspreiders van onder meer Landini- en McCormick-trekkers en implemente, bou 'n nuwe hoofkantoor in Kempton Park. Die ontwikkeling sluit kantore, 'n opleidingsentrum, monteringsaanleg en vertoonlokaal in. 'n Demonstrasieterrein waar trekkers en ander toerusting kan werk, is nie ver van die nuwe perseel af beskikbaar.

Godfried Heydenrych, Argo Industrial se besturende direkteur, het by die sooispitgeleentheid gesê die gebou is ontwerp en word opgerig vir die groeiende behoeftes van Argo se kliënte in Suider-Afrika. Hulle beplan om die nuwe fasiliteit in April 2022 te betrek.

“Die nuwe aanleg sal die tuiste wees van ons gevorderde opleidingsentrum wat ons plaaslike handelaars in Suid-Afrika gaan ondersteun en vanwaar ons spesiale geleentheid vir ons kliënte gaan aanbied. Die fasiliteit is ontwerp om ons produkte met hoë werkverrigting die beste ten toon te stel.”

Simeone Morra, direkteur van Argo Tractors in Italië se korporatiewe sake, het die sooispitgeleentheid bygewoon

en gesê die groei in Argo se sake en markaandeel het die belegging in hierdie fasiliteit genoodsaak. Hulle glo die belegging gaan groei in Suider-Afrika stimuleer.

Argo Industrial se produkte vir landbou sluit Maschio Gaspardo-, Morra-implemente en Sigma 4-voorlaaiers in. Landini-trekkers is van Italië afkomstig en is ontwerp vir die bewerking van rygewasse. Die reeks het gespesialiseerde trekkers vir wingerde, boorde en groentelande. McCormick is van Engeland afkomstig en fokus op tegnologieë gevorderde groter trekkers met hoë werkverrigting.

Die nuwe sentrum se diensarea het nege diensstasies waar trekkers gemonter kan word. Dié fasiliteit gaan die maatskappy se verskepingskoste aansienlik verminder. Die versterkte vloere sal die swaar masjinerie met gemak kan hanteer. Die implemente en ander toerusting word op 'n geplaveide terrein ten toon gestel. In die vertoonlokaal van 700 m² gaan die nuutste trekkers en ander implemente ten toon gestel word.

Die gebou is ontwerp om maksimum

lig te kan benut en die lugdruk in die gebou sal stof bekamp. Hierdie eienskappe kan uiteindelik tot verminderde energieverbruik bydra.

“Ons is daartoe verbind om wêreldgehalte trekkers, implemente en diens aan ons kliënte te lewer,” sê Heydenrych. “Die nuwe fasiliteit sal ons personeel en handelaars nie net in hul verkoopsaksies ondersteun nie, maar ook met kliëntediens en na-verkoopdiens.”

Die hele maatskappy, insluitend die administratiewe afdeling, bemaking, verkope, onderdele, opleiding en ander ondersteunende dienste gaan na die nuwe fasiliteite skuif. Argo Industrial ondersteun markte in Angola, Botswana, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Malawi, Mosambiek, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe. 🌱

Dawie Brits word as jongboer vereer

Dawie Brits (35) van die Balfour-distrik is TLU SA se Jongboer van die Jaar 2021. Hy boer met sojabone, mielies en hoenders op die plaas Modderbult waar sy oupa en pa ook geboer het. Die jongboerkompetisie is vanjaar in samewerking met Manitou, Santam Landbou, Introlab, CMH Ford Hatfield en C-Track aangebied.

Dawie en sy vrou Riana se twee seuntjies het reeds besluit waar hulle plaashuise moet staan wanneer hulle eendag in die familie se voetspore volg. Hoewel hy altyd wou boer, het Dawie se pa hom aangemoedig om eers 'n ander beroep te volg en hy het 'n vlieënier geword. Die boerdery het egter té hard geroep en drie jaar gelede kon Dawie uiteindelik sy plek op die plaas inneem.

Afgesien van die titel sien Dawie en sy vrou Riana uit na hulle oorsese reis na



Dawie Brits (middel), TLU SA se Jongboer van die Jaar 2021, saam met Hanlie Kroese van Santam Landbou en Bennie van Zyl van TLU SA.

Manitou se fabriek in Frankryk. Dawie het ook 'n kontantpakket van R52 000 gewen.

In die kompetisie se tweede plek was Jess Walker (35) van die plaas Tweefontein en lid van die Losberg Boere-unie. Hierdie voormalige oud-onderwyser het die boeke vir grond verruil. Die Walkers

is meestal saai-boere maar boer ook met stoet- en kommersiële beeste.

In die derde plek was Barend Rautenbach (34) van die Fernie-Haugh-boerdery in Mpumalanga. Hy is grootliks verantwoordelik vir die boerdery se melkery en ook betrokke by die vleisbeeste-vertakking. 🌱

Wye keuse vir besproeiingskoring

Besproeiingskoring het 'n belangrike plek in wisselboustelsels saam met somergewasses soos sojabone, droëbone, mielies en katoen in die noordelike besproeiingsgebiede van Suid-Afrika.

Magda du Toit
MEDEWERKER

S Syngenta het onlangs boeredae in die noordelike besproeiingsgebied by Koedoeskop, Marble Hall en Makoppa aangebied waar produsente nuwe Sensako-koringkultivars in die besproeiingssegment kon besigtig en ook met bestaande produkte op die mark kon vergelyk.

Kultivarkeuse is baie belangrik en produsente kan by die boeredae kundiges se inligting kry oor aspekte soos die opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid, stabiliteit, graangehalte, staanvermoë en siekteverdraagsaamheid van die verskillende Sensako-kultivars.

Vir risikoverspreiding beveel Syngenta 'n kultivarpakket aan. Produsente kan hul pakket van besproeiingskoring uit die volgende produkte van Sensako se nuwe kultivars saamstel.

- SST 8135 - 'n Besproeiingskultivar met 'n kort tot medium groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal.
- SST 8154 - 'n Besproeiingskultivar met 'n kort groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal, staanvermoë en graankwaliteit.
- SST 8175 - 'n Besproeiingskultivar met 'n medium groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal en gradering.
- SST 8156 - Hierdie hoëpotensiaal- semi-dwergkultivar het 'n medium groeiperiode en is wyd aangepas vir vroeë en middelseisoenaanplantings. Dit bied goeie uitloopweerstand en matige weerstand teen stam- en geelroes. SST 8156 se pitvastheid is goed en die graangehalte baie goed.
- SST 8177* - 'n Besproeiingskultivar met 'n lang groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal en siekteverdraagsaamheid. Baie goed aangepas vir vroeë aanplantings.
- SST 8205* - 'n Besproeiingskultivar met 'n medium groeiperiode en uitmuntende opbrengspotensiaal.

Van die bekende Sensako-staatmakers wat steeds deel van die pakket kan uitmaak, is:

- SST 806 - Dié semi-dwergkultivar het 'n medium groeiperiode met uitstekende opbrengspotensiaal en kan hitte goed verduur.
- SST 895 - Hierdie kultivar wat onlangs vrygestel is, is aangepas vir middel- en laatseisoen-aanplantings in die warmer en koeler besproeiingsgebiede. Dit het 'n kort tot medium groeiperiode met baie goeie opbrengspotensiaal.
- SST 884 - 'n Besproeiingskultivar met 'n kort tot medium groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal. Wanneer die risiko vir laat koue en ryp groot is, is hierdie moontlik die ideale keuse omdat die plantdatums aangepas kan word.
- SST 843 - Hierdie kultivar is 'n dubbeldwerg met 'n kort groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal wat ook weerstand bied teen geelroes.

Syngenta se Sensako-kultivars word ontwikkel binne die begin-



Andries Wessels, produkontwikkelingbestuurder (links) en Pieter Craven, verkoops- en bemarkingsbestuurder van Syngenta, tydens die besproeiingskoringboeredag op Makoppa.



SST 884: kort tot medium groeiperiode, baie goeie opbrengspotensiaal.



SST 8177: baie goeie opbrengspotensiaal en siekteverdraagsaamheid, baie goed aangepas vir vroeë aanplantings.

sels van vooruitgang deur navorsing. Alle nuwe produkte word eers deeglik binne navorsings-, laboratorium- en veldtoestande getoets voordat dit in die mark beskikbaar gestel word.

Vir meer inligting kontak Pieter Craven by 082 388 0299. 🐦

Koringsaad wat presteer in die wintergraanstreek

Syngenta staan aan die voorpunt van koringnavorsing in Suid-Afrika.
Ons SENSAKO-koringkultivars is jaar na jaar onder die toppresteerders.

Stel jou pakket saam uit die volgende kultivars:

 **SSTO166**

 **SSTO147**

 **SSTO127**

 **SSTO117**

syngenta[®]


SENSAKO

Syngenta is een van die wêreld se toonaangewende maatskappye met meer as 26,000 werknemers wat toegewy is aan ons doel: Om plantpotensiaal lewend te maak.



syngenta.co.za



SENSAKO



SENSAKO

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

®

'n Wenresep vir kanolasukses...

ALPHA TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium - vroeg
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

DIAMOND

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

QUARTZ

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Uitstekend
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

Takke:

Brackenfell: 021 981 1126
Craddock: 087 365 0010
George: 087 354 1028
Howick: 033 330 2765

Kimberley: 053 841 0675
Piketberg: 087 365 3025
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470

Pretoria: 012 803 6033
Swellendam: 087 359 3236
www.agricol.co.za


agricol
aan die groei